


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 2, No. 6

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Kerk van u keuse

Oral in Amerika bestaan daar tekens of buffer-plakkers wat verklaar: “Jesus red” of “Gaan na die kerk van u keuse”. Die mense wat hierdie tekens vertoon bedoel sonder twyfel goed, maar dalk moet ons ons afvra: “Watter Jesus?” en ook “Hoekom nie die kerk van *God* se keuse bywoon nie, die kerk waar die volle *Waarheid* van die Bybel onderrig en beoefen word?”

Hoewel dit nie vandag “polities korrek” is om te sê dat daar 'n definitiewe waarheid is nie — of dat een godsdiens moontlik beter as 'n ander kan wees nie — is dit presies wat die Bybel *wel* sê! Dit kom dus hierop neer: gaan ons soos klein kindertjies “kerk-kerk speel” of gaan ons soos volwassenes optree wat gewillig is om die ware God op te **soek** en uit te vind *waar Hy nou werk*?

Insight-tydskrif berig op 27 Mei 2002: “Kerke kry deesdae soms swak publisiteit. Sommige meningspeilers sê dat kerke op hul beste hul greep op die Amerikaanse samelewing verloor het; en op hul slegste vind toenemende getalle Amerikaners dat die instellings ontoepaslik is. Bykans 100 miljoen Amerikaners leef sonder 'n verbintenis met 'n kerk, sinagoge of tempel, sê meningspeiler George Barna, president van die Barna Navorsingsgroep in Ventura, Kalifornië. Die meeste van hulle is onbekommer oor hierdie toedrag van sake. Hierdie is meestal mense wat baie aggressie, wilskrag en hoë energievlakke

het,’ sê hy. 'Hulle het volgens wêreldstandaarde van hulself iets gemaak en hulle glo nie noodwendig dat God, Jesus, godsdiens, die Bybel, geloof of Christenskap hulle sal help om die probleme te oorkom wat hulle in die gesig staar nie”.

Eerlikwaar, een van die grootste hindernisse wat ons in die volgende dekade of meer in die gesig sal staar, is blote *oorlewing*! Ja! Namate die ontsagwekkende gebeure wat direk in u Bybel voorspel word, begin ontvou, moet u en ek seker wees dat ons ons in 'n kerk bevind wat Bybelprofesie *verstaan* en wat die “ontsnaproete” ken waarvan Jesus ons in God se Woord vertel. Onthou, Jesus Self vertel aan Sy volgelinge in 'n **eindtydse** voorspelling: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gesprek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom — laat hy wat lees, oplet — dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; ... En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie” (Mattheus 24:15-21).

Verstaan en onderrig *u* kerk hierdie noodsaaklike profesie en die manier waarop u die komende Groot Verdrukking kan ontvlug? Preek *u* leraar enigsins oor **eindtyd** profesie?

Waarom nie?

Bykans 'n kwart van die hele Bybel is aan profesie toegewy. Die Bybel verduidelik: "Maar Jesus antwoord en sê vir hom: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Die enigste *geskrewe* "woord van God" was op daardie stadium dít wat ons nou die Ou Testament noem. Jesus Christus het gedurig na die skrywes van die Ou Testament verwys as "die Skrif". Daarom is dit *noodsaaklik* dat ons geïnspireerde profesieë van beide die Ou en Nuwe Testament bestudeer en verstaan. Hoe dink so baie kerke kan hul lidmate God se profetiese waarskuwings verstaan en daarop **reageer** as hulle hierdie profesieë **nooit** eens preek of aan hul mense verduidelik nie?

Dink daaroor!

Die Woord van God vertel ons: "Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid" (Psalm 111:10). Tog vertel die meeste Protestante kerke hul lidmate dat die Tien Gebooie **nie** vandag letterlik gehoorsaam hoef te word nie. Daarom het hierdie selfde kerke vandag geen "goeie begrip" van die Bybel of Bybelprofesie nie. Hulle maak sentimentele mooipraatjies van "lieuwe Jesus" en baie min anders. Tog *miskien* hulle die *kragtige boodskap* wat Jesus Self van God die Vader

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad: Persoonlik

Kerk van u keuse

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

Hoofartikel.....3

Die loon van die sonde

Amerika en ander lande verduur verskiklike lyding as gevolg van vals godsdiens

Wat is die sending van God se

Kerk.....8

Waarom is dit belangrik om dit te weet?

Waarom het Jesus Christus

gekem?.....13

Is daar 'n ware plek van veilig-

heid?.....18

Die lokval van

Ekumenisme.....22

Vrae en

Antwoorde.....24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die loon van die sonde

Deur Roderick C. Meredith

Amerika en ander lande verduur verskriklike lyding as gevolg van vals godsdienste!

Verlede somer, toe die Verenigde State se Negende Rondgaande Hof sy bevinding teen die gebruik van “onder God” in die getrouheidseed uitgereik het, was dit net een klein simbool van Amerika se verwerping van die ware God van die skepping. In Suid-Afrika is die nuwebeleid oorgodsdienste in skole aanvaar waar ons kinders blootgestel word aan alle godsdienste en nie net leer van die Skeppergod nie. Selfs baie van diegene wat godsdienstigheid bely, *weerstaan* gedurig die God van die Bybel!

Amerika word toenemend 'n gewapende kamp, as gevolg van vrees vir *terroriste-aanvalle*. Dieselfde geld vir Suid-Afrika waar mense toenemend agter veiligheidshekke en -tralies leef uit vrees vir geweldsmisdade en plaasaanvalle. Nieteenstaande regeringsverslae is die algemene gevoel onder die publiek dat die misdaadsyfers toeneem. *Dwelmmisbruik* — veral onder jongmense en in skole — eis 'n verskriklike tol. Die gebruik van kokaine neem vinnig toe. Die VIGS-epidemie neem weer onder ons algemene bevolking toe. Geweldigse *veldbrande* vernietig groot areas van ons land. Priesters, wat bely

om diensknegte van God te wees, word toenemend skuldig bevind aan verskriklike en perverse optrede met jongmense. Intussen word *miljoene* ongebore babas in ons sogenaamde “bevryde” land, uit hul moeders se skote gesuig in dit wat die “stille volksmoord” genoem word. Droogte, gevolg deur waterrantsoenering kom meer wydverspreid wêreldwyd voor, terwyl massiewe *vloede* ander dele van die wêreld tref en nou raak bykans *een biljoen* Moslems en honderde miljoene Europeërs ontnugter en gegrief deur Amerika se dominerende en mag oor wêreldsake.

Waarom gebeur dit alles?

Dit gebeur omdat ons — soos Amerika — as 'n volk die God van die Bybel *volkome verwerp* het. Die *ware* God van die Bybel, met wie die meeste mense nie bekend is nie, gryp weliswaar in wêreldsake in om Sy doel te bereik. *Hy* is die Een wat aan ons die ontsagwekkende seëninge en mag gegee het wat Amerika en haar bondgenote, soos Brittanje en Suid-Afrika, vir meer as 'n eeu gedeel het. *Hy* is die Een wat gehelp het dat die Geallieerdes die Eerste en Tweede Wêreldoorloë gewen het, asook *al* ons groot oorloë

oor die afgelope bykans twee eeue. Dink aan hoe God vir ons mense ingegryp het met Bloedrivier en ander veldslae.

Die God van die Bybel vertel aan ons voorvaders: “As julle in my insettinge wandel en my gebooi hou en dit doen, sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe-oes, en die druiwe-oes sal aanhou tot die saaityd, en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon. Ook sal Ek vrede gee in die land, sodat julle sal lê en rus sonder dat iemand julle skrikmaak; en Ek sal die wilde diere uit die land laat verdwyn, en geen swaard sal deur julle land trek nie. En julle sal jul vyande agtervolg, en hulle sal voor julle val deur die swaard” (Levitikus 26:3-7). Vir verskeie geslagte het God wel Sy belofte *gestand gedoen* om seëninge op die Amerikaanse en Britse afstammelingen, sowel as Suid-Afrikaners, uit te stort, maar vandag is “die skrif aan die muur”. Die gety van wêreldgebeure is besig om *dramaties te verander!*

'n Paar verse later in die bogenoemde profesie, sê die

Skepper: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek — dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die toring en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie” (verse 14-17). Dit is verseker 'n *tweeledige* profesie wat 'n oorspronklike vervulling op antieke Israel gehad het. Dit *sal* egter ook 'n hedendaagse vervulling hê op ons mense van *hierdie huidige geslag!* Baie van u sal dit sien gebeur! Bykans almal van ons sal oor die volgende paar jaar die begin sien van hierdie ontluikende tragedie.

Ons sal ooggetuies wees van die begin van God se ingryping om die mense wat van Amerikaanse en Britse afkoms is, vir ons *eie beswil* te **tug**. Want God sê: “En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper” (Levitikus 26:19). Indien u nog nie weet wat ons nasionale identiteit in Bybelprofesie is nie, kontak ons gerus by een van die adresse wat op bl. 2 van hierdie tydskrif verskyn en versoek u gratis eksemplaar van ons insig-

gewende boekie getiteld, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

God is konsekwent

In Sy geïnspireerde Woord vertel die Ewige God aan ons: “Want Ek, die HERE, het nie **verander nie**; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie” (Maleagi 3:6). In sy omvattende benadering is God *konsekwent* in Sy handeling met mense en volke. Aan ons word in die Nuwe Testamentiese boek Hebreërs vertel: “En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here **tugtig** hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem” (Hebreërs 12:5-6).

Indien God ons liefhet, **waarom** sal Hy die Amerikaanse en Britse afstammeling, sowel as die Suid-Afrikanners, so kragtig “tug”?

Waarom?

Die werklike antwoord is dat ons as 'n volk **geveinsd** is! Terwyl ons graag verklaar dat ons “Aan Jesus behoort” of “Op God vertrou”, is ons as volk gedurig in opstand teen die wette en lewenswyse van daardie selfde God! Woon miljoene Suid-Afrikanners elke Sondag kerk by? Ja! So skokkend soos wat dit mag voorkom, *is dit juis deel van die probleem!*

“Hoe so?” mag u vra.

Dit is deel van die probleem

omdat die oorgrote meerderheid van kerkgangers **nooit** geleer is oor die einste *lewenswyse* wat ons van die erge tug sal spaar wat ons volk binnekort gaan tref nie. Soos ons hierbo gesien het, sê God dat Hy Sy mense sal straf: “... as julle nie na My *luister* en *al hierdie gebooie* nie doen nie” (Levitikus 26:14).

Hier lê die moeilikheid — die oorgrote meerderheid van belydende Christene word vertel dat hulle nie “letterlik” die Tien Gebooie hoef te onderhou nie. Ja, as klein kindertjies word hulle in die Sondagskool geleer om die “opsomming” van die Tien Gebooie te leer, maar hulle leraars weier konsekwent om die Tien Gebooie as lewenswyse te onderrig — soos Jesus Christus Self gedoen het. Die van u wat die moed bymekaar kan skraap om *u leraar* te vra of Christene werklik die Tien Gebooie as lewenswyse **moet** onderhou, sal *verbaas* wees oor die antwoord, want die oorgrote meerderheid van leraars sal antwoord, soos wat hulle in die kweekskole geleer is — dat die Tien Gebooie goeie riglyne “mag” wees, maar u **hoef** hulle nie werklik te onderhou nie!

Eerder as om dit te doen, sal hierdie belydende Christenlerars meestal vermy om enigsins oor die Tien Gebooie te praat. Sommige sal onderrig dat die Tien Gebooie die “Wet van Moses” is — nie vandag op ons van toepassing nie — of dat die Tien Gebooie op 'n manier “aan die kruis vasgespyker” is of deur die apostel Paulus mee “weggedoen” is. Hierdie leraars

het allerlei miserabele verskonings waarom die Tien Gebooie nie vandag *letterlik onderhou* hoef te word nie — hoewel Jesus Christus sy volgelingen onderrig het om dit te onderhou (sien Mattheus 5:17-19; Mattheus 19:16-19; Lukas 16:16-18). Jesus se eie broer, die geïnspireerde apostel Jakobus, skryf: “Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word” (Jakobus 2:10-12). Die “wet” wat egbreek en moord as **sonde** beskryf, is sekerlik die Tien Gebooie. Jakobus sê dat u en ek deur *daardie wet* “geoordeel” sal word! Wat kan meer duidelik as dit wees?

Jesus se geliefde apostel Johannes skryf: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar” (Openbaring 14:12). Tog het 'n diaboliese slim Satan die duiwel daarin geslaag om die betekenis van sekere skrifgedeeltes in die Bybel op so 'n wyse te verdraai dat dit *in teenstelling* is met die vele duidelike, eenvoudige verstaanbare teksverse wat God se mense beveel om die Tien Gebooie as lewenswyse te *gehoorsaam*.

In sy laaste brief aan die

einde van sy bediening, waarsku die apostel Petrus ons oor onvaste mense wat die skrywes van die apostel Paulus “verdraai tot hulle eie verderf”. Hy beveel diegene wat die waarheid ken wat deur Jesus Christus onderrig is: “Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van **sedelose mense** en wegval uit jul eie vastigheid nie” (2 Petrus 3:17). Hierdie “sedelose mense” het natuurlik nie in teenstelling met die *verkeerswet* onderrig nie. Petrus is deur **God geïnspireer** om ons teen daardie vals leraars te waarsku; hulle wat *dikwels sêlf* deur Satan *mislei* is, wat Paulus se skrywes sou verdraai dat dit veronderstel is om “weg te doen” met die Tien Gebooie!

In Jesus se naam en — as Sy diensknecht — vermaan ek al u leraars en priesters wat hierdie woorde lees om **wakker te word!** U self kan ook van u voormalige onkunde vergewe word. U self was ook moontlik “verblind” deur die grootskaalse misleiding van Satan die duiwel, “wat die hele wêreld verlei” (Openbaring 12:9).

Die loon van die SONDE is die dood

God vertel ons in Romeine 6:23: “Die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here”.

Sonde bring outomaties hartseer, lyding en uiteindelik die tweede dood in die poel wat

brand met vuur en swawel, tensy daar 'n diepe bekering daarvan is (Openbaring 21:8). Soos ons in 1 Johannes 3:4 lees: “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid”. God se wet — die Tien Gebooie — is soos die wet van swaartekrag. God se geestelike wet “werk”, of u daarin glo of nie! Die *diepgaande hartseer* in die stemme en gesigte van diegene wat in hul jeug deur Rooms-Katolieke priesters misbruik is, moet ons iets vertel. Sodanige perverse, sondige dade bring jare of selfs dekades van foltering en lyding mee.

Hoe kan daardie biskoppe en kardinale wat die vuil optrede van kindermolesterende, perverse priesters verdoesel het, snags gaan slaap? Hulle moet nadenk oor die geïnspireerde waarskuwing van die apostel Paulus: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang ... wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken” (1 Timotheus 4:1, 3).

Die honderde — moontlik duisende — top bestuurders, prokureurs en rekenmeesters wat as gevoellose sondaars gedink het hulle kan “wegkom” met biljoene dollars deur die beweerde bedrog bedryf deur Enron, Arthur Andersen en talle

ander groot maatskappye, sal kort voor lank voor stok gekry word! Hulle sal nie net aan die howe van die land verslag moet doen nie, maar hulle sal ook uiteindelik voor die regterstoel van die Almagtige God beland!

Baie van hulle het opsetlik die geld en selfs lewensonderhoud van hul werknemers en beleggers in hul maatskappye *gesteel*. Die Ewige God veroordeel diegene wat hulself verryk deur voordeel uit ander te trek ten sterkste: “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang” (Mattheus 23:14).

Sonde bring *outomaties lyding* mee. Sommiges mag selfs hul huise verloor of nie in staat wees om hul gesinne te onderhou nie. Baie sal nie in staat wees om vir hul gesinne se toekoms te voorsien nie. Selfs diegene wat “beter daaraan toe is”, sal vind dat hul gesinne vir jare moet “sien en kom klaar”. Hul seuns en dogters mag moontlik nie na die skole kan gaan wat hulle beplan het om by te woon nie, omdat “Pappa sy werk verloor het”. Hul klein kindertjies mag dalk nie die nuwe fiets kry wat belowe is, of die rolskaatse nie. Gesinne sal sonder hul jaarlikse vakansie moet gaan, omdat geld te skaars is.

Werknemers wat hul werk verloor het as gevolg van die korrupte bestuurders, mag dalk hul leiers nooit weer vertrou nie,

want vir baie gesinne sal hul *hele lewens* verander as gevolg van die *korruptsie* in die topbestuur van sake. Die seerkry en ontnugtering sal vir baie mense 'n leeftyd bybly. Hoe kan korrupte bestuurders snags slaap as hulle weet watter diepgaande *lyding* hul bedrog en optrede veroorsaak het? God se Woord vertel ons: “'n Goeie verstand verskaf guns, maar die *weg van die ontroues is hard*” (Spreek 13:15).

Ongehoorsaamheid is die OORSAAK van menslike lyding

In hierdie artikel kan ons nie eens die ontelbare gebiede van sonde en lyding in ons belydende “Christenwêreld” begin opnoem nie. Ons lees bykans daagliks van die voortdurende hartseer veroorsaak deur diegene wat onwettige dwelms verkoop en gebruik. Ons lees ook van diegene wie se verstand en liggame verswak en afgetakel is weens die feit dat hulle te veel alkohol drink, sigarette rook of toelaat dat hul verstand en gees verdraai word deur die verrotte verskaffers van pornografie. Pornograwe dra sonder twyfel grootliks by tot afskuwelike seksuele misdade en veroorsaak dat 'n ganse geslag jong mans grootword met 'n goedkoop en vieslike siening van vroulikheid!

Baie bestuurders van groot tabakmaatskappye word “steunpilare” in hul gemeenskappe geag; hulle sit op plaaslike

kerkrade en omring hulself met die simbole van sukses en aansien. Tog het baie van hierdie mense *vir dekades geweet* dat hul produk dikwels *regstreeks* bydra tot folterende lyding en die ontydige *dood* van tallose mense.

Wonder ons steeds **waarom** die grote God van die skepping begin om die Amerikaanse en Britse afstammeling, sowel as Suid-Afrikaners, te “tug”?

Hoewel ons meer Bybels as enige ander volke in die geskiedenis gedruk en versprei het, *verbreek* en **vertrap** ons gedurig die wette van God! Ons godsdienst-, politieke- en sakeleiers, tesame met ons nasionale sport- en vermaaklikheids-“sterre” het almal bygedra tot 'n kultuur van *misleiding* en *geveinsdheid*. Ons het daarop aanspraak gemaak dat ons 'n “Christenvolk” is, maar ons het ongetwyfeld die duidelike leringe wat Jesus Christus in die Bergpredikase gegee het, *verwerp*.

Jesus sê: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46).

Naby die einde van Sy bekende “Bergpredikase” (Mattheus 5-7) waarin Hy eenvoudig verduidelik dat Christene die *letter* én die *gees* van die Tien gebooe moet onderhou, maak Jesus die stelling: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u

Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle **nooit** geken nie. Gaan weg van My, *julle wat die ongeregtheid werk!*" (Mattheus 7:21-23).

Vir elke oorsaak is daar 'n **gevolg**. Die verbreking van God se groot geestelike **wet** is die basiese *oorsaak* van alle menslike swaarkry. As ons eers daardie feit verstaan en daarvolgens leef, sal die hoeveelheid menselyding onbeduidend min word!

Na die Groot Verdrukking wat Jesus Christus voorspel het — nadat die mensdom werklik **verootmoedig** is en "gewillig is om te luister" — sal die hele wêreld geleer word om die Tien Gebooie as *lewenswyse* te gehoorsaam. Let op Jesaja se profesie: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom.

En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:2-4).

Die profeet Jeremia is deur God geïnspireer om ons te vertel: "Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee **my wet** in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees" (Jeremia 31:33).

Deur *ware* bekering en die gawe van die Heilige Gees, sal God werklik Sy geestelike **wet** — die Tien Gebooie — in die

harte en verstande van al Sy mense plaas. Dan sal daar in die komende millenniale regering van Jesus Christus, 'n diepsinnige *vrede* en **vreugde** wees wat hierdie wêreld nog nooit tevore ondervind het nie.

Soos Hy sê sal God "*hulle ongeregtheid vergewe*" (vers 34). Die "*loon van die sonde*" sal verwyder word. God vertel Sy mense wat hulle sal ondervind nadat hulle uit die Groot Verdrukking gekom het, geleer om Sy wet te gehoorsaam en waarlik Sy **weg** te volg: "In plaas van julle skande ontvang julle 'n dubbele deel; en in plaas van die smaad sal hulle jubel oor hul deel. Daarom sal hulle in hul land 'n dubbele deel in besit neem, *ewige vreugde geniet*" (Jesaja 61:7).

Mag die God van die Bybel — die Skepper wat ons almal lewe gee — u help om die *ware* godsdiens te soek en te vind en mag Hy u die geloof en moed gee om op daardie Waarheid te **reageer**.

Die Tien Gebooie

Byna 3,500 jaar gelede, in die tyd van Moses, het God aan antieke Israel 'n morele kode gegee wat, as dit gehoorsaam sou word, ware geluk en vervulling sou bring aan 'n wêreld wat gevange gehou word deur menslike lyding.

Die seëninge wat volg wanneer ons volgens hierdie tydlose beginsels leef, eindig egter nie met hierdie lewe nie. Die Jesus Christus van u Bybel sê aan diegene wat die lewe wil beërwe:
"ONDERHOU DIE GEBOOIE!"

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Wat is die sending van God se Kerk?

Deur Douglas S. Winnail

Waarom is dit belangrik om te weet?

Jesus sê: “Ek [sal] my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie” (Mattheus 16:18). Maar *waarom* het Jesus 'n kerk gestig? Wat is daardie kerk se sending en doel? *Wat moet* die Kerk van God vandag doen? Weet u vir 'n feit?

Dit is *ongelooflik* hoeveel verwarring deesdae tussen die verskeie vertakings en splintergroepe van die Kerk van God heers rakende die opdrag van die kerk. U het waarskynlik verskeie sienings gehoor oor wat die kerk moet doen namate ons die einde van hierdie tydvak bereik. Is dit die kerk se sending om van Jesus te preek, die gemeentelêde geestelik te “voed”, gemeentes te stabiliseer, gemeensaam te verkeer, die gemeenskap te dien of om minder eksklusief te wees? Moet die kerk basiese oortuigings heroorweeg, Joodse tradisies bestudeer, weer aansluit by die algemene Christendom, op profesie konsentreer, menings oor die Bybel deel of “die bruid gereed maak”?

Vandag voel talle mense dat al hierdie idees God plesier en aanvaarbare sendings vir die kerk is. Verteenwoordig hierdie idees egter God se opdragte, of menslike menings? Lê die keuse

van 'n sending vir die kerk waarlik by *ons*, of *onthul* God die sending vir Sy Kerk *duidelik in die Bybel*? Kan u uit die Bybel bewys wat hierdie sending is? Het u diepe toewyding tot hierdie sending soos wat God dit aan Sy Kerk geskets het? Wanneer losstaande verse of menslike menings die Bybelse sending vervang, het dit verdeeldheid tot gevolg. Die sending wat Jesus *oor en oor* vir Sy Kerk beklemtoon het, is in *direkte teenstelling* met talle idees wat vandag die rondte doen. Hierdie idees is gevaarlik en misleidend omdat dit God se mense weglei van die *aangewese* sending waarvoor ons aanspreeklik gehou word!

Vir 'n doel geroep

Jesus het die Kerk van die Nuwe Testament begin deur 'n groep dissipels te roep en op te lei. Die Griekse woord vir kerk (*ekklesia*) beteken 'n *uitverkore* groep mense. 'n Dissipel is 'n volgeling wie getrou die instruksies van Jesus Christus oordra. Toe Jesus die dissipels geroep het, het Hy hul sending van die begin af baie duidelik gemaak. Hy sê: “Kom agter My aan, en Ek sal julle *vissers van mense* maak” (Mattheus 4:19). Hy sê *nie*, “volg julle eie

aanvoeling of menings nie.” Hy sê: “Kom agter My aan” — Sy voorbeeld, Sy instruksies. Vissermanne het 'n werk om te doen — om vis te vang! Hulle lê nie leeg deur hul opinies omtrent visvang in kuiertjies uit te deel nie. As “vissers van mense” was die dissipels opdrag gegee om die harte en gedagtes van mense met 'n belangrike boodskap te bereik. Die dissipels was geroep en opgelei vir 'n *spesifieke en volgehoue* doel.

Die dissipels moes *nie* weer by die heersende godsdienstige gesagsorde aansluit nie, en is aangesê: “Gaan onder hulle uit en sonder julle af” (2 Korintiërs 6:17). Jesus sê van Sy dissipels: “Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Heilig hulle [plaas hulle eenkant of onderskei hulle] in u waarheid” (Johannes 17: 16-17). Jesus het gesê dat die wêreld — en die godsdiensteiers daarvan — Sy dissipels sou haat net soos Hy gehaat is deur die mense wat bely het dat hulle in God glo (Johannes 17:14).

Die Bybel onthul dat die kerk wat Jesus gestig het klein sou wees (Lukas 12:32), verspreid sou wees (Johannes 16:32) en vervolgd sou word (Mattheus 10:17). 'n Godsdienst met byna twee biljoen aanhangers

(nagenoeg 'n derde van die mensdom), wat in vrede Sondag as hul dag van lof aan Jesus gedenk, is nie die Kerk van God wat in die Bybel beskryf word nie!

Jesus het aan Sy dissipels gesê dat hul sending 'n uitdaging sou wees (Mattheus 11:29-30), maar nie onmoontlik sou wees nie (Mattheus 19:26). Hy belooft om met hulle te wees “tot aan die voleinding van die wêreld” (Mattheus 28:20) en om hulle te *beloon* omdat hulle Sy instruksies volg. God inspireer Johannes om te skryf: “Omdat jy die woord van my *lydsaamheid bewaar het*, [op die sending gekonsentreer het] sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing” (Openbaring 3:10-11). Dié dissipels wat getrou bly aan hul sending sal teen die verdrukking beskerm word en 'n kroon ontvang om saam met Jesus in die koninkryk van God te regeer (Openbaring 5:10).

Individue en organisasies wat hierdie sending ligtelik opneem en versuim om dit uit te voer, sal deur die verdrukking gaan (sien Openbaring 3:14-19; 12:17). Dit is waarom dit só belangrik is om gefokus te bly op dit wat Jesus aan die kerk gesê het om te doen! Presies *wat was* die sending wat Jesus Christus aan Sy Kerk gegee het?

Die sending in Mattheus

Jesus se bediening het behels dat Hy “*geleer*” het in hulle sinagoges, die evangelie van die koninkryk “*verkondig*” het en allerlei siektes “*gesond*

gemaak” het (Mattheus 4:23). Dit is die voorbeeld wat Sy dissipels moes volg. Jesus het onderrig oor die Sabbatdag, die Heilige Dae, tiendeheffing, die eerskrifte, bekeering, vergifnis en liefde vir jou vyande. Hy preek voortdurend oor die koninkryk van God (sien Mattheus 13 en 14) en die doel van die lewe (bv. Mattheus 19:28). Ook *waarsku* Hy dat kritieke gebeure Sy wederkoms sal voorafgaan (Mattheus 24). Vergelyk die kere waar Jesus na Sy dood en opstanding verwys het (in Mattheus), met Sy verwysings na die koninkryk van God en u sal moontlik verbaas wees met die resultate. Jesus het op Sy sending *gekonsentreer*.

Jesus het aan sy dissipels die opdrag gegee om die evangelie van die koninkryk aan “die verlore skape van die huis van Israel” te verkondig (Mattheus 10:6-7). Die dissipels moes geweet het wat die Israeliete se *identiteit*, sowel as hul *ligging* was, ten einde dit te kon doen. Die geskiedenis dui daarop dat die dissipels na Skithië (suidelike Rusland), Parthië (Iran) en Indië, sowel as deur Europa tot in Brittanje en Ierland gereis het, waar talle Israeliete heen gegaan het. Namate die kerk gegroei het, moes hulle hierdie selfde evangelie aan die nie-Jode verkondig.

Hierdie sending om die nasies van Israel te bereik, is steeds vandag van toepassing op die kerk. Jesus het gesê dat Sy dissipels die werk *nié sou voltooi* voor Sy wederkoms nie

(Mattheus 10:23). Tog, ten spyte van wat die Bybel duidelik stel, word talle mense vandag aangesê dat die werk voltooi is en dat daar niks te doen is behalwe om die “bruid” (die kerk) gereed te maak vir Christus se koms nie. Die Skrif steun egter nie die idee dat die werk om die evangelie aan die wêreld te verkondig, volbring is nie. Dis 'n veronderstelling! Noag het nie sy werk as “prediker van geregtigheid” (2 Petrus 2:5) 25 tot 50 jaar voor die vloed afgehandel nie! Sy werk is voltooi toe God die deure van die ark agter hom gesluit het, toe dit begin reën het (Genesis 7:6; 16).

'n *Hoofaspek* van Jesus se bediening was om te *waarsku* teen spesifieke wêreldgebeure wat sou plaasvind kort voor Sy wederkoms (sien Mattheus 24; Markus 13; Lukas 21). Jesus sê dat Sy *getroue* dienaars 'n waarskuwing sal bied soos hulle dié dae sien nader kom (Mattheus 24:45). Hy waarsku ook dat “baie onder my Naam [sal] kom [aanspraak maak daarop dat hulle Christene en leraars van Christus is]...en hulle sal baie mense mislei” (Mattheus 24: 4-5). Hy sê: “Hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n *getuienis* vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Mattheus 24:14). 'n *Getuie* se doel is om te waarsku en in te lig, nie noodwendig om mense tot bekering te bring nie. Wanneer Christus terugkeer wil Hy Sy dissipels aantref waar hulle besig is om die werk te doen wat Hy gesê het hulle moet

doen (Mattheus 24:46), in die proses om dissipels te maak van alle nasies en dít te onderrig wat Hy beveel het (Mattheus 28:19-20). Dít kan nie gedoen word deur bloot te sit en ons menings rondom die Bybel te bespreek nie!

Die sending van die kerk, soos in Mattheus uiteengesit, behels die onderrig in God se lewenswyse, om siekes gesond te maak, die koninkryk van God te verkondig en te waarsku teen gebeure wat dui op die einde van dié tyd en van Jesus Christus se wederkoms. Was hierdie egter slegs Mattheus se idees? Of tref ons *herhaaldelik* soortgelyke instruksies in die Bybel aan?

Die sending in Markus

Die evangelie volgens Markus is 'n *spieëlbeeld* van dié in Mattheus waar dit die sending van die kerk saamvat. Markus skryf, "Jesus [het] in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig" en klem gelê op die nodigheid van bekering [verandering] en om die evangelie te glo (Markus 1:14-15). Om oor die komende koninkryk te preek, was die *hoofdoel* van God se werk op aarde. Hierdie selfde doel moet vandag steeds die sending van God se kerk wees. Jesus het Sy dissipels geroep om "vissers van mense" te word, nie lede van 'n sosiale klub, 'n leraarsgulde of private studiegroep nie (Markus 1:17). Hy het mense onderrig oor hoe om die Sabbat te onderhou (Markus 2:23-28; 3:1-6). Hy het ook onthul dat Sy

dissipels die begrip oor die koninkryk van God gegee sou word wat die wêreld nie het nie, om sodoende die kerk behulpsaam te wees om sy sending te volbring (Markus 4:10-12). Jesus het gesê dat die *meeste* mense wie die ware evangelie hoor, dit óf nie sou verstaan nie, óf uiteindelik belangstelling sou verloor in die kerk se ware sending (Markus 4:13-20). Slegs 'n paar sou hoor en Jesus se instruksies volg. Hoe is dit op u van toepassing?

In Markus 6:7-13 vind ons dat Jesus Sy dissipels op 'n opleidingsending gestuur het met die opdrag om te preek en gesond te maak. Dit word verstaan dat hul prediking op die koninkryk van God gefokus het (sien Markus 1:14-15). Markus neem ook Jesus se uiteengesette opdragte, om op die *uitkyk te wees* en om te *waarsku* teen gebeure wat Sy nabye koms sou aandui, in dié boek op (Markus 13). Markus sê die Kerk se Groot Opdrag is dít: "**Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie** [van God se koninkryk]" en om diegene wie glo, te doop (Markus 16:15-16). Dít is die primêre sending — *die werk* — van die kerk. Dit is die rede vir die publikasie van tydskrifte en boekies, om radio- en televisieuitsendings te doen en op die Internet te wees. Hierdie sending vereis 'n toegewyde groep volgelinge wat as 'n span saamwerk. Enkele individue kan dit nie tot uitvoer bring nie. Dit kan nie tuis óf deur besprekingsgroepe óf deur

sosiaal te verkeer, gedoen word nie. Leraars wat hul eie agendas promoveer of hul energie daaraan wy om 'n kerklike organisasie te stig, kan dit nie bereik nie. Ongeag die duidelikheid van hierdie instruksies, is dit ongelooflik dat sommiges vandag sê: "Ons sal 'n werk doen wanneer God ons wys wat om te doen" of "Ons kan nie 'n werk doen nie, want ons het nie die fondse nie." Ander sê: "Ons publiseer nie tydskrifte en boekies nie omdat dit te eenvoudig is — ons moet indiepte navorsing doen" of "Ons aanvaar nie salarisse nie, daarom kan ons nie die werk doen nie." Hierdie is verskonings waarvoor Christus nie sal val nie! Jesus het Sy kerk die sending gegee, nie om daaroor te debateer of dit te misken nie, maar om dit uit te voer! Dit is ons werk, en ons sal aanspreeklik gehou word!

Die sending in Lukas

In teenstelling met wat ons vandag in die algemene Christendom aantref, naamlik om mense te nooi om Sondag kerk toe te kom, sien ons dat Jesus die Sabbat onderhou het en opdrag gegee het oor hoé om dit te doen (Lukas 4:16, 31; 13:10-17; 14:1-6). 'n Kerk wat Christus se voorbeeld volg, sal hiermee voortgaan. Lukas beskryf twee opleidingsendings wat Jesus vir Sy dissipels gereël het. Jesus het die twaalf op 'n sending gestuur om "die koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak"

(sien Lukas 9:1-6). Later het Hy 70 uitgestuur om gesond te maak en oor “die koninkryk van God” te preek (sien Lukas 10:1-12). Jesus waarsku Sy dissipels *om te pasop* vir die heersende godsdienstige gesagsorde en om nie daarby aan te sluit nie (Lukas 20:45-47). Lukas noem ook in sy skrywe Jesus se klem om *op die uitkyk te wees* en te *waarsku* oor spesifieke gebeure wat sal aandui dat Sy koms naby is (Lukas 21). Ons sien dus dat die sending wat Jesus vir die kerk uitgespel het, wat in elk van die evangelies wat ons sover bestudeer het voorkom, *in beginsel dieselfde is*.

Die kerk as “brandwag”

'n Kerk wat Christus se instruksies volg om *uit te kyk* vir spesifieke gebeure en te *waarsku* oor hul verskyning, sal as brandwag *optree*. 'n Brandwag se werk is om op die uitkyk te wees en te waarsku. Die evangelieskrywers dokumenteer Christus se duidelike opdragte in dié verband. Die Ou-Testamentiese profeet Esegïël het dieselfde sending gehad. Hy moes “as wag vir die huis van Israel” optree en hulle waarsku oor die straf wat God oor hulle sou bring weens hul ongehoorsaamheid (Esegïël 2:3; 3:4-7, 17). Esegïël is meegedeel dat indien hy moeilikheid sien kom en 'n waarskuwing gerig het, hy homself en enigeen wat sou luister, sou red (Esegïël 33:1-5). Indien hy egter dinge sou sien ontwikkel en geen waarskuwing

rig nie, hy verantwoordelik gehou sou word vir diegene wat omkom (Esegïël 33:6-7). Esegïël is opdrag gegee om as God se brandwag vir antieke Israel op te tree. Volgens Jesus se instruksies in Mattheus 24, Markus 13 en Lukas 21, deel die hedendaagse Kerk van God daardie selfde plegtige sending! Dit vorm deel van óns sending!

Vóór die vernietiging en gevangenskap van Israel en Juda, het God profete gestuur om hul sondes en die gevolge van die verbreking van God se wette aan hulle uit te wys. Jesaja is aangesê: “Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes” (Jesaja 58:1). Jeremia het 'n soortgelyke boodskap aan die nasie van Juda uitgedra (sien Jeremia 2).

Dieselfde waarskuwing — die nodigheid om te bekeer van die verbreking van God se wette — is ook gelewer deur Johannes die Doper (Mattheus 3:1-12), Jesus Christus (Markus 1:14-15) en die dissipels wat Hy opgelei het (Handelinge 2:38). Hierdie was nog nooit 'n gewilde boodskap nie. Om aan mense wat moontlik reeds mag dink dat hulle in God glo te sê dat hulle moet verander, maak nie vriende of kweek welwillendheid nie. Dít het Jesus se lewe en dié van die meeste vroeë dissipels gekos, maar dit is deel van die kerk se sending. Die kerk moet *meer* as net 'n sagsinnige boodskap van liefde en die Christenleefwyse preek indien

sy haar sending, soos deur Jesus Christus geskets, wil volbring.

Johannes en die sending

Hoewel die evangelie volgens Johannes vanuit 'n ander oogpunt geskryf is [Johannes beklemtoon dat Jesus die goddelike Seun van God was], lê dit *dieselfde sending* vas. Jesus sê aan Sy dissipels: “Volg My” — Sy voorbeeld en opdragte (Johannes 1:44). Jesus maak die siekes en kreupeles gesond en gee instruksies oor hoe om die Sabbatdag te onderhou (Johannes 5:1-15). Hyself onderhou die Heilige Dae en gee opdrag om dit te onderhou (Johannes 7:8, 14, 37). Die evangelie volgens Johannes onthul dat Jesus herhaaldelik met die heersende godsdienstige gesagsorde gebots het rakende leerstellings. Godsdienstleiers van Christus se tyd het Hom nie erken vir wie Hy was nie en het ook nie Sy sending en Sy boodskap verstaan nie. Dit sal vir 'n hedendaagse kerk wat dít wat Jesus geleer het onderrig, geensins anders wees nie. Toe Jesus aangespoor is om te ontspan, sê Hy: “My voedsel [My sending] is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring” (Johannes 4:33-34). Jesus was sending-georiënteerd!

Die evangelie volgens Johannes beklemtoon dat Jesus vir die sondes van die mensdom gesterf het (1:29; 3:16) en dat Christene “mekaar moet liefhê”

(13:34; 15:17), maar dit vervang egter nie die opdrag om die evangelie van die koninkryk te verkondig en om die wêreld te waarsku nie. Ons lees in Johannes 21:15-17 dat Jesus aan Petrus die opdrag gee “Laat my skape wei”. Hoewel dit duidelik deel van die kerk se sending vorm, kan slegs diegene wat deur die boodskap aangetrokke is, “gevoed word”. Soos ons sal sien, moet die voedingsproses die kerk help om haar sending te volbring.

Die apostels en die sending

Baie mense glo vandag dat Paulus die Christendom herformuleer het om dit meer in die wêreld se smaak te laat val — deur die kerk se boodskap en sending, sowel as Jesus se opdragte, aan te pas. Dit stryk eenvoudig nie met die Skrif nie. Die Nuwe Testament onthul dat die apostels getrou was in hul sending. Jesus gaan ná Sy opstanding voort om Sy dissipels se aandag op die “koninkryk van God” te vestig (Handelinge 1:3-6). Petrus se preek op Pinksterdag beklemtoon die nodigheid vir 'n Christen om bekeer te word (Handelinge 2:38). Die apostels gaan voort met genesing deur wonderwerke (Handelinge 3:1-10; 9:32-43; 19:1-12).

Filippus verkondig “die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus” (Handelinge 8:12). Paulus se “gewoonte” was om die

Sabbatdag te onderhou (Handelinge 17:2) en hy het, soos Christus ook gedoen het, open aangaande die Sabbatdag en die Heilige Dae onderrig gegee (Handelinge 13:13-15, 42-44; 18:21; 1 Korintiërs 5: 7-8). Paulus was aan die einde van sy bediening steeds besig om te preek aangaande “die koninkryk van God ...en [het] onderrig gegee aangaande die Here Jesus Christus” (Handelinge 28:31). Die Nuwe Testament onthul dat die sending van die kerk onder leiding van die apostels nie verander het nie. Dit is waarom Paulus die kerk adviseer: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korintiërs 11:1).

Die apostels gaan voort om van gebeure wat die einde van die tyd en van Christus se wederkoms sal aandui, te waarsku soos Jesus self ook gedoen het. Paulus, Petrus en Johannes vermeld bykomende besonderhede (2 Thesalonicense 2; 1 Petrus 3; Openbaring 11:15-19; 19:5-21). Die sending om die wêreld te waarsku is 'n *bevel* en moenie ligtelik opgeneem word nie! Die sendbriewe is ook besaai met waarskuwings dat godsdienismisleiding sal toeneem namate ons die einde van die tyd nader (1 Timotheus 4:1-5; 2 Timotheus 4:1-5; 2 Petrus 2). Dit sluit misleiding aangaande die kerk se sending in!

Die sending in die eindtyd

Deesdae maak talle mense

die aanname dat die werk om die evangelie te verkondig, verby is, en dat al wat vir die kerk oorbly, die “gereedmaking” van die bruid vir Christus se wederkoms is. Dit is gegrond op 'n enkele teksvers in Openbaring 19:7. Een enkele vers weerspreek egter nie die sending wat so duidelik *regdeur* die Nuwe Testament verduidelik word nie. *Die Bybel verduidelik wat “gereedmaking” behels.* God sal voor Christus se wederkoms 'n soort Elia-werk op die been bring om “alles te herstel” (Maleagi 4:4-6; Mattheus 17:10-11). Net soos Johannes die Doper die weg vir die Messias se eerste koms gebaan het, sal 'n eindtydse werk “die weg van die Here [berei]” en “sy paaie reguit [maak]” (Jesaja 40:3; Mattheus 3:3).

Dit behels die uitstryking van eeue se verwarring oor die evangelie, die sending van die kerk en die goddelike lewenswyse deur die kennis van die Waarheid te herstel. Dit was die hoofdoel van die moderne era van God se Kerk. Die werk wat deur Jesus Christus en die apostels begin is, gaan vandag voort en sal tot in die Millennium voortgaan (Handelinge 3:19-21; Jesaja 2:2-4; 11:9).

Nog 'n aspek van die eindtydse sending van die kerk is “om vir die Here 'n toegeruste volk te berei” (Lukas 1:17). Hierdie uitverkore groep individue (die kerk) moet *voorberei* word om 'n werk te doen — om die evangelie van die koninkryk te verkondig, om

Vervolg op bladsy 27

Waarom het Jesus Christus gekom?

Deur John H. Ogwyn

In die vroeë 90's n.C. het die bejaarde apostel Johannes sy persoonlike vertelling van die lewe en leringe van Jesus Christus neergeskryf. Hy skryf tussen twee en drie dekades nadat die ander evangelievertellings geskryf is. In sy skrywe besluit hy om die storie op 'n ander wyse te benader as die ander drie vroeë skrywers. Terwyl Markus begin met Jesus se bediening en Matteus en Lukas met die gebeure rondom Sy geboorte, begin Johannes op 'n heel ander plek. Hy begin deur moontlik die welbekendste woorde in die Bybel aan te haal: "In die begin ..." Johannes gebruik hierdie beginwoorde van die boek Genesis om sy evangelieverhaal mee te begin.

Hy wou die punt maak, dat die Woord alreeds, in die begin, daar wás! Hy was met God die Vader en Hy was ook God. Trouens, voer Johannes aan, Hy was die einste werktuig waardeur die Skepping plaasgevind het en niks is geskep sonder Sy betrokkenheid nie. Nadat Johannes die oorsprong van Jesus Christus beklemtoon het, dui hy verder aan dat die Woord vlees geword en onder ons kom woon het (vers 14). Dit was Johannes se begeerte dat sy lesers duidelik verstaan wie Jesus van

Nasaret werklik was. Hy was nie eenvoudig 'n profeet of 'n goeie mens nie, Hy was God se eie Seun, die ewige Woord wat vlees geword het. In die begin was Hy reeds teenwoordig, saam met die Vader en het in ongelooflike mag en heerlijkheid gedeel.

'n Baie belangrike punt is dat die Woord al daardie mag en heerlijkheid opgegee en as 'n mens op die aarde kom woon het. Bekend as Jesus van Nasaret, was Hy gebore as 'n hulpelose baba, Hy het gegroei en tot 'n man ontwikkel en toé Sy bediening begin. Die apostel Paulus beklemtoon dat Christus Homself *geledig* het van daardie groot heerlijkheid en mag wat Hy met die Vader gedeel het en dat Hy na die aarde gekom het in die vorm van 'n dienskneg (Filippense 2:6-8). Deur vrywillig op Homself die beperkings van die menslike vlees te neem, leef hy vir drie-en-dertig en 'n halwe jaar tussen mense en sterf een van die mees verskriklikste dode wat 'n mens kan uitdink.

Waarom? Waarom het Hy so baie opgegee om menslik te word? Wat was die ware doel van Sy eerste koms? Om ons te help om meer volledig te verstaan waarom dit vir Jesus Christus nodig was om te doen wat Hy het, sal hierdie artikel

sewe onderskeie redes ondersoek, waarom Hy Aarde toe gekom het.

Christus het gekom om sonde in die vlees te veroordeel

Een van die leerstellings van die Antichris, soos dr. Meredith verduidelik het, is die idee dat Jesus Christus nie werklik in die vlees was soos u en ek in die vlees is nie. Die Bybel maak dit egter duidelik dat "Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk" geword het (Hebreërs 2:17). In vers 16 verduidelik Paulus dat Christus nie die aard van engele op Homself geneem het nie, maar dié van die saad van Abraham. *The Expositor's Bible Commentary* verduidelik oor hierdie vers: "Hy het nie tot die vlak van engele gedaal en een van hulle geword nie. Hy het tot die vlak van die mensdom gedaal en 'n Jood geword" (volume 12, bl. 29). "Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword" (Vers 14). Hy het ook gelyk as gevolg van versoekings (vers 18). Trouens, hy was in alles versoek soos ons, maar sonder sonde (Hebreërs 4:15). Waarom het Christus 'n menslike lewe geleef, onderworpe

aan swakheid en versoeking?

Paulus verduidelik in Romeine 8:3 wat Christus bereik het deur in die gelykenis van sondige vlees te kom: Hy het “die sonde veroordeel in die vlees”. Jesus het nie gekom om 'n rol te speel nie! Hy het *gely* as gevolg van versoekings! Hy was vlees en bloed net soos u en ek vlees en bloed is, maar — hiér lê die verskil — as 'n mens van vlees en bloed, het Jesus Christus *heeltemal op die krag van die Vader staat gemaak* om God geheel en al te gehoorsaam en Sy wil te doen. Hy sê dat Hy uit Homself niks kon doen nie (Johannes 5:30), dat die Vader wat in Hom woon die werke doen (Johannes 14:10). Dit is slegs wanneer ons op die Vader se krag staat maak dat ons kan oorwin en oor sonde kan seëvier.

Jesus Christus het gekom om vir ons die volmaakte voorbeeld van die lewe, wat ons moet volg, te stel (1 Petrus 2:21). Hy het geleef as 'n mens van vlees en bloed, onderworpe aan ons versoekings en beproewings en het elke keer oor sonde geseëvier. Hy veroordeel sonde in die vlees en dui daardeur aan dat gehoorsaamheid aan God werklik moontlik is, tot die mate waarop 'n mens staatmaak op die Vader se krag, om daardie gehoorsaamheid te bereik. Jesus het deur Sy persoonlike voorbeeld aangetoon dat 'n toegeeflike, gehoorsame lewe *werklik* moontlik is.

Christus het gekom as die Lam van God

Johannes die Doper het as getuie gedien vir Jesus Christus na Sy doop, deur na Hom te verwys as “die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem” (Johannes 1:29)! Die mense van daardie dae was baie bekend met lammers. Elke Pasgatyd het gesinne op die tiende van die eerste maand 'n jong lam uitgesoek en dit gehou tot die veertiende, sodat dit geslag en as deel van die Pasgamaaltyd geëet kon word. Elke oggend en elke aand is 'n lam in die tempel geslag en op die altaar geoffer met die oggend- en aand-offerandes. Al daardie miljoene lammers wat in die amper 15 eeue sedert Moses geoffer was, het op iets gedui. Of, om meer presies te wees, dit het op *iemand* gedui.

Paulus verduidelik in 1 Korintiërs 5:7 dat Christus ons Pasgalam is wat vir ons geoffer is. Daarby dui hy in Hebreërs aan dat die bloed van diere, sonde nie werklik kan wegneem nie, maar eerder as herinnering moet dien. Jesus Christus bied ons redding, nie deur die bloed van diere nie, meer deur Sy eie bloed, wat Hy vir ons gestort het. Heel van die begin af het die Skepper aan ons eerste ouers verduidelik dat die loon van die sonde, die dood is. Daardie boete moet betaal word, want God se geregtigheid vereis dit. Hoewel God se geregtigheid betaling vereis, veroorsaak Sy groot liefde dat Hy egter gewillig was om dit Self namens ons te betaal.

Christus het nie net gekom

om aan ons die volmaakte voorbeeld te stel nie, Hy het ook gekom om *die boete* vir ons sondes *te betaal*. Reg aan die begin met die insident in die Tuin van Eden, toe God ons eerste ouers bedek het deur diere te slag om vir hulle klere te maak, het Hy hulle vertel van die Saad van die Vrou wat uiteindelik die slang se kop sou vermorsel. So het Hy Sy plan van redding begin onthul. Deur aan Abraham 'n ram te voorsien om die plek van sy geliefde seun, Isak, in te neem, leer God hom van die behoefte vir 'n *plaasvervangende* offer. Hy onthul dit weer eens in die konteks van die eerste Pasga in Egipte, toe die engele van verwoesting (ongeluksbodes Psalm 78:49) by daardie huise verbygegaan het wat onder die bloed van die lam was. Jesus Christus, die Een wat vir ewig voortbestaan het as die Woord, het vlees geword sodat Hy kon sterf en ons Verlosser kon word. Hy het as die Lam van God gekom om die sondes van die hele wêreld weg te neem!

Christus het gekom as die tweede Adam

Toe God die eerste mens in die Tuin geplaas het, het Hy hom heerskappy gegee. Adam moes die regering van God op hierdie aarde toepas. Adam het egter gou-gou in hierdie onderneming misluk. Hy het hom in dwaasheid aan sy vrou onderwerp, wat aan Satan toegegee het, eerder as om God se opdragte getrou te onderhou. Paulus verduidelik in

1 Korintiërs 15:45-47: “So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie die eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel”. Jesus het as die tweede Adam gekom om dit te doen waarin die eerste Adam nie kon slaag nie: te kwalifiseer om Satan as heerser van hierdie aarde, te vervang.

Die apostel Johannes verduidelik in 1 Johannes 2:16-17: “Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig”. Die basis van hierdie hele wêreldse stelsel is die begeerlikhede van die vlees, die begeerlikheid van die oë en die hoogmoed van die lewe. Dit is hierdie einste dinge waarop Satan hom beroep het toe hy Eva en Adam deur haar, verlei het. Uit Genesis 3 leer ons dat toe Satan Eva se aandag op die verbode vrugte gevestig het, sy gesien het dat dit “goed was om van te eet” (begeerlikheid van die vlees), “'n lus vir die oë” (begeerlikheid van die oë) en “wat 'n mens kan begeer om verstand te kry” (hoogmoed van die lewe). Op grond hiervan het Adam en Eva toegegee aan die sonde en hierdie kriteria het as

grondslag gedien vir die vestiging van hierdie wêreld se samelewing.

Onmiddellik na Sy doop deur Johannes, voordat Hy Sy openbare bediening begin het, was Jesus na die woestyn om Satan te konfronteer (Markus 1:9-13). Hy het voorberei vir die konfrontasie deur vir 40 dae te vas. Hoe het Satan Hom probeer verlei? Deur hom op presies dieselfde dinge te beroep waarmee hy ons eerste ouers verlei het! Hy beroep hom op die begeerlikheid van die vlees deur Jesus te probeer oorreed om die klippe in brood te verander. Hy beroep hom op die begeerlikheid van die oë, deur Christus op 'n hoë berg te neem en aan Hom die koninkryke van die wêreld en hul glorie te wys én dit alles aan Christus aan te bied as Hy net sou neerbuig en Satan aanbid. Satan het Christus ook na die bo-punt van die tempel geneem en Hom uitgedaag om af te spring sodat die engele Hom kon vang. “As jy die Seun van God is”, daag Satan Hom, spring dan af. Dit was 'n beroep op die hoogmoed van die lewe. Die meeste van ons spring op ons perdjie as iemand ons uitdaag dat ons nie is wie ons sê ons is nie (Mattheus 4:1-6).

Jesus Christus verwerp al die versoekings wat Satan na Hom slinger. Hy het Satan oor-meester en gedoen waarin Adam misluk het — Hy het God gehoorsaam! Jesus Christus het as die tweede Adam gekom en gekwalifiseer om Satan as heerser van hierdie aarde te vervang.

Christus het gekom om die Vader te onthul

Baie Jode in Jesus se tyd het daarop aanspraak gemaak dat hulle godsdienstig was. Tog maak Jesus dit duidelik dat alhoewel die godsdiensteleiers baie oor God gepraat het, hulle Hom nie werklik *geken* het nie. Johannes teken in Johannes 1:18 aan: “Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar”. Lukas teken Jesus se stelling in Lukas 10:22 aan en verduidelik dat niemand die Vader werklik ken nie, behalwe die Seun en diegene aan wie die Seun Hom onthul. Jesus Christus het in 'n geestelik verduisterde wêreld gekom om die Vader bekend te maak.

Hoe kon Hy so iets doen? Christus vertel eerstens Sy luisteraars dat Hy nie gekom het om Sy eie wil na te volg en te doen nie, maar dat Hy eerder gekom het om die wil van die Vader te soek (verg. Johannes 6:38). Christus het ook nie gekom om eers Sy eie woorde te praat of Sy eie belange na te streef nie. Hy het die Vader se woorde gespreek en die werke gedoen wat die Vader Hom gegee het om te doen.

Jesus Christus was in alle dinge net soos die Vader en diegene wat Hom leer ken het, kon deur Hom ook die Vader ken. Gedurende die nag voor Sy kruisiging verduidelik Hy aan Filippus dat diegene wat Hom werklik ken, die Vader ook ken (verg. Johannes 14:7). Die

onsigbare God het Homself geopenbaar in die persoon van Jesus Christus. Sy karakter, gesindheid en benadering is bekend aan ons, omdat Hy verkies dat dit so moet wees.

Christus kom as die BoodsAPPER van die Verbond

Die laaste van die Ou Testamentiese profete, Maleagi, het eeue verder as sy eie tyd gekyk en die koms van die Messias voorspel. "Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaare" (Maleagi 3:1). Een van die redes waarom die Messias moes kom, was om 'n boodskap direk van God af te bring.

Markus begin sy evangelie-vertelling deur direk uit hierdie teksvers aan te haal. Markus 1:1-2 lui: "Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God. Soos geskrywe is in die Profete: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u pad voor U uit sal regmaak". Ons word vertel dat Johannes gekom het met 'n boodskap van bekering en om aan te dui dat Een magtiger as hy, ná hom sal kom. In vers 14 verduidelik Markus: "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig". Johannes die Doper was die boodskapper wat

die weg vir die Here voorberei het. Toe die weg voorberei was, het Jesus Sy verskyning as die BoodsAPPER van die Verbond gemaak.

Jesus Christus het gekom om die evangelie van die Koninkryk van God, die boodskap van die Nuwe Verbond, te verkondig. Hierdie boodskap onthul hoe ons God werklik kan leer ken, hoe om ons sondes heeltemal te verwyder en hoe om God se eie natuur in ons te plaas, deur Sy Heilige Gees wat Sy wet in ons harte en verstande skryf (Hebreërs 8:10-12). Hierdie evangelie verduidelik wat die Koninkryk van God werklik is en hoe ons daardie Koninkryk kan *beërwe*. Jesus het Aarde toe gekom om 'n boodskap direk van die Vader te bring, naamlik die goeie nuus oor God se komende koninkryk, waarin u enek werklik kan deel hê as kinders en erfgename.

Christus het gekom om Sy Kerk te stig

Christus het nie net gekom om die Vader te onthul en Sy boodskap aan die mensdom te bring nie, Hy het ook gekom om Sy Kerk te stig. In Mattheus 16:18 verklaar Jesus Christus aan Petrus en die res van die Apostels dat Hy Sy Gemeente sou stig en dat die graf dit nooit sou oorwin nie. Die Rots waarop die Kerk gestig is, is natuurlik Jesus Christus Self. Hy is die hoeksteen van God se geestelike tempel, soos Paulus in Efesiërs 2:20 verduidelik. Die Griekse woord vir "kerk"

(*ekklesia*) verwys na 'n groep of vergadering, hoewel die woord self letterlik "uitgeroep" of "geroep vanuit" beteken. Vanaf die begin het God individue uit hierdie wêreld geroep om met Hom in 'n spesiale verhouding te tree (verg. Genesis 12:1).

Hoe het Jesus voorberei om Sy Kerk te stig? Hy het eerstens dissipels geroep en 12 gekies om as Apostels in te seën. Hy het hulle vir drie-en-'n-half jaar opgelei en hulle toe uitgestuur om dieselfde boodskap te verkondig wat Hy Self verkondig het; om diegene te doop wat in geloof en bekering op daardie boodskap reageer en om alle dinge te onderrig wat Hy Self onderrig het (Mattheus 28:19-20).

Die Kerk wat Jesus gestig het, sou voortbestaan tot aan die einde van die tyd as die liggaam waardeur Hy sou werk. Die Kerk is die bruid waarmee Hy in die huwelik sal tree met Sy wederkoms, waarvan die lidmate saam met Hom in die wêreld van môre sal regeer en heers. As God se mense verteenwoordig ons vandag die eindtydse voortsetting van die Kerk wat Jesus gestig het.

Christus het gekom om die gevangenes gevange te neem

Efesiërs 4:8 beskryf 'n sewende rede waarvoor Jesus Christus Aarde toe gekom het: "Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee". Dieselfde Jesus

Christus wat na die graf neergedaal het, het drie dae en drie nagte later uit daardie graf opgestaan. Veertig dae na Sy opstanding het Hy opgevaar om weer saam met die Vader te wees. Waarom? Efesiërs 4:10 verduidelik: "Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring". Toe Jesus die aarde as 'n menslike wese bewandel het, kon Hy op een tydstip slegs op een plek wees. Nou kan Hy deur die Heilige Gees op dieselfde tyd in alle bekeerde Christene woon, hulle help en lei.

Gedurende die nag voor Sy kruisiging vertel Jesus Sy dissipels dat dit tot hulle voordeel was dat Hy weggaan,

want slegs op hierdie wyse kon Hy die Helper stuur, die Heilige Gees, om hulle te lei en versterk (Johannes 16:7). Dit is deur die krag van die Gees dat Christus in staat is om alle dinge te vervul (Efesiërs 4:10).

Die dood is die finale gevangenskap, die gevangenis waarvan niemand deur sy eie krag kan ontsnap nie. Die dood is die direkte gevolg van sonde; trouens, dit was slegs deur sonde dat die dood die wêreld binnegekom het (Romeine 5:12). Soos Paulus dit stel in 1 Korintiërs 15:56-57: "Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus". Gedurende die nag voor Sy kruisiging vertel

Jesus Sy dissipels dat "die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie" (Johannes 14:30). Die dood en die graf het geen aanspraak of houvas op Christus nie. Toe Hy opgevaar het na die hemel was dit om gevangenes gevange te neem, want deur Sy triomf sal almal wat in die graf is, uiteindelik Sy stem hoor en na vore kom (Johannes 5:28-29).

Jesus Christus het oor die dood geseëvier en stel nou aan ons allerlei geestelike gawes beskikbaar waardeur ons sonde en die dood kan oorwin. Ons moet ons Verlosser nooit as vanselfsprekend aanvaar nie, maar moet eerder opreg dankbaar wees vir alles wat Hy vir u en my gedoen het, nog doen en sal doen.

Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig

Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig?

Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie.

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

Is daar 'n ware plek van veiligheid?

Deur John H. Ogwyn

Wat lê in die volgende paar jaar vir die lede van God se Kerk voor, namate profesie ontvou? Vir dekades het ons die samekoms van die Diermag in Europa afgewag, gekoppel aan die afname in Amerika en Brittanje se mag en 'n groeiende krisis in die Midde-Ooste, wat op Jerusalem gemik is. U Bybel het hierdie dinge voorspel en nou sien ons dit werklik gebeur! Hoewel dit opwindend kan wees om hierdie verwickelinge dop te hou, kan dit ook ietwat vreesaanjaend wees, omdat ons weet dat voor Jesus Christus se wederkoms hierdie vervulde profesieë die wêreld uiteindelik sal dompel in dit wat die Bybel die Groot Verdrukking noem — 'n tyd van smarte erger as enigiets in mense heugenis (Mattheus 24:21). Wat voorspel hierdie toekomstige gebeure vir u en u geliefdes? Sal u deur die afgryse soos dié van die Groot Slagting van die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog moet gaan?

In besprekings van eindtyd gebeure, praat baie Kerklidmate reeds dekades al daarvan om na 'n "plek van veiligheid" te gaan. Andere reken weer dat God ons kan beskerm, waar ookal ons is. Praat die Skrif *werklik* van 'n "plek van veiligheid"? Indien wel, wie sal daarheen gaan? Terwyl sommige mense seker is dat

hulle na Petra gaan, is ander net so oortuig dat hulle in hul eie huise beskerm gaan word, of in verskillende plekke en deur ander moontlike scenario's.

Kan ons werklik weet wat die antwoord op sulke vrae is? Wat onderrig die Bybel werklik oor hierdie onderwerp? Namate ons al nader kom aan die einde van hierdie tyd en aan die verskriklike gebeure waarvan die Bybel ons van vertel wat sal plaasvind in die jare net voor ons, raak begrip van hierdie onderwerp al meer belangrik.

Let op een van die mees algemene besware wat geopper word deur diegene wat glo dat daar nie 'n spesifieke plek van veiligheid is nie: "God kan 'n mens in jou eie huis beskerm, Hy het nie nodig om almal na een spesifieke plek te neem nie." Die antwoord hierop is dat God ons *natuurlik* op enige plek en wyse wat Hy verkies, kan beskerm. Hy is op stuk van sake God! Die eintlike vraag is nie "Wat kan God doen?" nie, maar eerder "Wat onthul die Bybel sal Hy doen?"

Die Bron van verlossing

Is daar enigiets mee verkeerd om die gebeure van die Groot Verdrukking te wil vryspring? Jesus Christus Self het daardie vraag 'n paar dae voor Sy

kruisiging beantwoord. Terwyl Hy op die Olyfberg sit en met Sy dissipels praat oor die verskriklike gebeure wat die einde van hierdie tydperk en Sy wederkoms as Koning van konings sal aandui, vermaan Jesus hulle om te bid en altyddeur te waak en op die uitkyk te wees. Hy sê vir hulle dat, deur dit te doen, hulle waardig geag mag word om daardie dinge vry te spring en voor Hom te staan met Sy wederkoms (Lukas 21:36). Christus het duidelik geweet dat Sy volgelinge die begeerte sou hê om die verskriklike ellende wat oppad is, vry te spring — en Hy vertel hulle dat dit moontlik is om dit te doen.

Deur die eeue wou God nog altyd hê dat Sy mense na Hom moet kyk as hul Verlosser. Koning Dawid van ouds het hierdie les baie goed geleer. Hoewel hy reeds as tiener as toekomstige koning van Israel gesalf is, het Dawid die grootste deel van sy twintiger-jare deurgebring as 'n voortvlugtige met 'n losprys op sy kop. Grootliks aangevuur deur vrees en jaloesie, het Koning Saul hom gejag en wou hom doodmaak. Wat het Dawid geleer gedurende daardie jare van wegkruip en jagmaking deur vyande en hoe is daardie lesse vandag op ons van toepassing?

Die Skrif dui aan wat Dawid se gevoelens was in die nadraai van hierdie beproewings: “En Dawid het die woorde van hierdie lied tot die Here gespreek op die dag toe die Here hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Saul. En hy het gesê: Die Here is my rots en my bergvesting en my redder” (2 Samuel 22:1-2). Die kern van die Bybelse lering rondom 'n eindtydse plek van veiligheid vir God se mense, is dat ons *werklike* beskerming van God kom — nie van enige fisiese plek nie. Hy is ons Rots, ons Bergvesting en ons Verlosser — nou sowel as gedurende die toekomstige swaarkry.

Psalm 46 verskaf ook 'n direkte profesie van eindtyd gebeure en die beskerming wat beskikbaar is vir God se mense. Ons word vertel: “God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see” (verse 2-3). Let op die profetiese tydsindeling vir hierdie Psalm. Dit vind plaas gedurende 'n tyd dat die nasies sal bruis en koninkryke wankel (vers 7). Dit is die tyd wanneer God oorloë op hierdie aarde sal laat ophou (vers 10), 'n tyd wanneer God verskriklike dinge oor die aarde bring deur Sy oordeel (vers 9). Hierdie poëtiese profesie van gebeure wat lei tot die koms van die Messias, beklemtoon dat God ons toevlug is en dat ons nie bang hoef te wees nie, selfs al is

ons omring deur rampspoedige, aardskuddende gebeure.

Christus het dit duidelik gemaak dat sommige mense waardig geag sou word om hierdie verskriklike tyd van swaarkry in die mensdom se geskiedenis te ontvlug (Lukas 21:36; Mattheus 24:21-22). Hy het vir Sy dissipels twee sleutel vergelykings gegee wat ons kan help om hierdie onderwerp te verstaan. In Lukas 17:26-27 vergelyk Christus die tyd voor Sy wederkoms met die tyd van Noag. Hy maak dit duidelik dat ten spyte van Noag se werk om die wêreld te waarsku, mense die boodskap geïgnoreer en hul alledaagse aktiwiteite nagejaag het. Hulle was onbewus daarvan dat hul wêreld binnekort om hulle sou ineenstort. Hulle het hulself besig gehou met hul eie besigheid en plesier totdat Noag en sy gesin die ark — hulle plek van veiligheid — binnegegaan het. Nadat Noag gered is, het die oordeel oor die wêreld gekom.

Christus het 'n tweede vergelyking getref met die beskrywing van Lot en sy gesin wat uit Sodom gered is (verse 28-29). Weereens was die bevolking van Sodom in die algemeen onbewus van God se ingryping in wêreldgebeure en het voortgegaan om hul eie besigheid en plesier na te jaag totdat God Sy oordeel op hulle uitgestort het.

Die eerste gemene storielyn wat deur hierdie vertellings loop, is dat die wêreld onbewus was van God se naderende ingryping in wêreldsake sowel as van Sy oordeel. Die tweede is dat God

diegene wat aan Hom getrou was, gered het en na 'n plek geneem het waar hulle beskerm sou word. Die derde is dat, nadat Hy Sy getroue mense gered het, God Sy oordeel op 'n God-verwerpente en korrupte samelewing uitgestort het.

Kyk nou van naderby na Lukas 17:30-37. Beskryf hierdie verse die tyd van Christus se werklike wederkoms of beskryf hulle God se mense wat na 'n plek van veiligheid gaan? Vergelyk hierdie verse met Christus se woorde in Mattheus 24:17-22 en ons sien dat Lukas 'n tyd beskryf waarin God se mense vir hul lewens moet vlug voor die aanvang van die Verdrukking — *nie* die oomblik van die opstanding nie. Niemand hoef ten tye van die opstanding gewaarsku te word om nie terug te gaan om persoonlike besittings uit sy huis te gaan haal nie! Dit *sal* egter 'n versoeking wees wanneer ons die vooruitsig in die gesig staar om ons huise na te laat en na 'n ander fisiese woonplek te gaan. Dit is waarom dit so belangrik is om Lot se vrou te onthou — sy kon nie haar rug op haar “wêreld” keer en nie terugkyk nie. Haar gehegtheid was te groot.

Na 'n plek geneem

Openbaring 12 beskryf die wisselwerking tussen Satan en die Kerk van God. Die ware Kerk se oorsprong is die Kerk in die Woestyn (wat 12 keer in die Ou Testament as die Gemeente van YHWH of die Gemeente van Elohim genoem word), en

voortgegaan het as die Nuwe Testamentiese Kerk van God. Die Ou Testamentiese Kerk word as 'n vrou uitgebeeld wat die Messias voortbring. Satan wou Christus vernietig, maar was onsuksesvol in sy poging om Hom direk na Sy geboorte te vernietig, hoewel hy Herodes aangehits het as sy instrument om dit te probeer bereik. Uiteindelik het die Messias opgevaar na God se troon en wag daar op Sy wederkoms na hierdie aarde. Na Christus se hemelvaart wat in vers 5 beskryf word, skuif die verhaal terug na die vrou, simbolies van die ware Kerk. Daarna lees ons van die Kerk wat na die woestyn vlug, weg van die bevolkte dele van die Romeinse Ryk, waar sy deur God gevoed was gedurende die Middeleeue.

Vanaf Openbaring 12:7 betree ons die opeenvolging van gebeurtenisse aan die eindtyd. 'n Finale oorlog in die hemel lei tot Satan se uitsetting. Wetende dat hy min tyd oor het (vers 12), loods hy die finale eindtydse vervolging van die ware Kerk, wat tot die Groot Verdrukking lei. In Openbaring 12:14, lees ons dat die vrou — die Kerk — “die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou [die Kerk] gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.” Duidelik word die Kerk na 'n plek geneem waar God haar bonatuurlik sal voed en beskerm gedurende die finale drie-en-'n-half jaar tydperk voor Christus se wederkoms.

Dit sluit aan by Openbaring 3:10 waarin Christus die Kerk van Filadelfia beloof dat Hy haar sal beskerm van die “uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom”. In teenstelling waarsku Hy die Kerk van Laodicèa in Openbaring 3:16 dat Hy hulle uit Sy mond sal spuug. Hierdie is “haar ander nakomelinge” teen wie Satan oorlog voer in Openbaring 12:17. Hierdie oorblyfsel is deel van die ware Kerk, omdat hulle die geboorte hou en Christus se getuie is, maar hulle is lou, nie vol ywer en vurig nie. As gevolg hiervan sal Christus hierdie individue direk in die Verdrukking uitspuug, om hulle wakker te skud en tot bekering te bring!

Die Bybel dui 'n duidelike teenstelling tussen twee groepe van God se mense in die eindtyd aan. Die een groep, sê Christus, sal “die woord van my lydsaamheid bewaar” (Openbaring 3:10) en deur “'n geopende deur” (vers 8) gaan om die evangelie te verkondig. Die ander groep konsentreer op hulself en is louwarm in hul benadering tot God en Sy weë. Hierdie onderskeid stel vas wie God in “haar plek in die woestyn” sal voed, terwyl andere met die Groot Verdrukking gekonfronteer word.

Die profeet Sefanja, wie se naam “Die Verstekeling van die Ewige God” beteken, praat van die eindtyd en beskryf diegene wie God sal verberg. “Soek die Here, o alle ootmoediges van die land, wat sy ordening onderhou; soek geregtigheid, soek

ootmoedigheid — miskien sal julle verborge bly op die dag van die toorn van die Here” (Sefanja 2:3). Sommige mense sal dus die verborgenes van die Here wees.

Psalm 91 beskryf dat diegene wat in die “skuilplek van die Allerhoogste” is, beskerm sal word, en die rampe wat plaasvind slegs sal sien. Die siekte-epidemies en skrikwekkende oorlog wat die wêreld gedurende die eindtyd tref, sal nie toegelaat word om diegene wat deur God beskerm word, te vernietig nie. Omdat hulle God deur geloof hul toevlug en rotsvesting gemaak het, sal hierdie toegewyde dienaars van God Sy beskerming gedurende hierdie gruwelike tyd geniet.

Die Skrif maak dit duidelik dat God aan Sy ywerige mense in die eindtyd beskerming teen die Verdrukking beloof. Maar waarom het so baie mense in die Kerk oor die jare geglo dat die plek waar God Sy mense gaan beskerm, Petra mag wees? Maak die Bybel melding van hierdie bekende plek en indien wel, wat onthul dit daarvoor?

In drie spesifieke verwysings, blyk dit dat die Bybel Petra assosieer met God se eindtydse plek van veiligheid vir Sy mense, maar hierdie teksverse is ietwat vaag en kan op meer as een manier vertolk word. Indien hierdie verse egter nie na Petra verwys nie, wil dit voorkom dat God werklik nie vir ons enige aanduiding gegee het waar Hy Sy mense gedurende die finale drie-en-'n-half jaar tydperk sal voed nie.

“Laat die woestyn en sy stede uitroep, die dorpe waar Kedar woon! Laat die rotsbewoners jubel, van die top van die berge af skreeu! Laat hulle aan die Here die eer gee en sy lof in die eilande verkondig! Die Here sal uittrek soos 'n held; Hy sal die ywer opwek soos 'n krygsman; Hy sal die strydkreet aanhef, ja uitskreeu, teen sy vyande Hom as held openbaar” (Jesaja 42:11-13). Hierdie vers beskryf die tyd wanneer die Messias met mag sal kom en die nasies onderwerp. Die rotsbewoners wat jubel en God op daardie tyd eer gee word genoem. Sela, soos baie kantverwysings in baie Bybels aandui, is die Hebreeuse naam vir die area wat hedendaags beter bekend staan as Petra, die Griekse naam vir Sela. Wie sal hierdie eindtydse inwoners van Petra wees wat jubel tydens Christus se koms?

Jesaja 33 fokus ook op gebeure rondom Christus se tweede koms. Let op vers 10: “Nou sal Ek opstaan, sê die Here; nou sal Ek My verhef, nou sal Ek My oprig.” Gedurende daardie onrustige tyd sal sondaars sidder (vers 14), diegene wat regverdig is sal “op die hoogtes woon, *rotsvestings* [Hebreeus *Selah* of in Grieks *Petra*] is sy burg; sy brood word hom gegee, sy water is gewis. Jou oë sal die Koning in sy skoonheid beskou...” (verse 16-17). Is hierdie 'n verwysing na die plek van God se getroues in die eindtyd?

Nog 'n verwysing is in Jesaja

16. Hier vertel God die Moabiete, wat die area van Sela of Petra regeer (vers 1) om Sy mense wat verdryf is, te beskerm. “Laat my mense wat verdryf is, by jou vertoef! Aangaande Moab, wees vir hulle 'n skuilplek vanweë die verwoester. Want gedaan is die verdrukker, klaar is dit met die verwoesting, weg is die vertrappers uit die land! En opgerig is deur goedgunstigheids 'n troon, en daarop sit een in getrouheid in Dawid se tent, 'n regter wat die reg soek en gou is in geregtigheid” (verse 4-5). Die gebeure wat in hierdie verse beskryf word verwys na die tyd wat Christus se wederkoms onmiddellik voorafgaan. Wie is diegene wat God as “my mense wat verdryf is” beskryf in hierdie paragraaf? Is dit 'n verwysing na Sy eindtydse getroues?

Wie sal God se beskerming geniet?

Terwyl die Skrif duidelik aantoon dat God Sy getroue en ywerige mense van die aanslag van die Groot Verdrukking sal beskerm, maak dit nie al die besonderhede duidelik waaroor ons gereeld wonder nie. Die meeste van ons sou verkies het dat daar duidelike, ondubbelsinnige verwysings was na en besonderhede van die plek waar God se mense gevoed en beskerm sal word teen Satan se woede. Waarom het God gekies om nie die fisiese besonderhede duideliker te maak nie?

Daar is 'n belangrike rede

voor. Omdat ons fisiese skepsels is, is dit vir ons baie makliker om opgewonde te raak oor die fisiese eerder as die geestelike. Ons moet almal verstaan dat dit nie moontlik is vir enigeen van ons om hom- of haarself te red van die eindtydse ellende wat gaan ontvou nie. God is ons Rots, ons Rotsvesting en ons Verlosser. Hy wil hê dat ons ons gedagtes op Hom vestig en op *Hom* staatmaak, nie bloot op die dinge wat ons kan sien nie.

In Maleagi 3:16-17 inspireer God Sy profeet om te skryf: “Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor Sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en Sy Naam eer. En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die HERE van die leërskaer, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelye hê soos 'n man medelye het met sy seun wat hom dien”.

God neem kennis van diegene wat Hom werklik eer; hulle is betrokke daarby om God se wil te doen en Sy Werk te volbring, net soos Jesus Christus was (vergelyk Johannes 4:34). God neem kennis van hul gesprekke om mekaar aan te moedig en skryf dit in Sy gedenkboek. Wanneer hierdie wêreld op die randjie van die verskriklikste tyd in mense heugenis staan, sal God diegene spaar wie se name Hy aangeteken het.

Terwyl die besonderhede van

Die lokval van Ekumenisme

Deur Douglas S. Winnail

Vandag staar die wêreld ernstige probleme in die gesig — waaronder terrorisme, etniese onmin, verbrokkelende morele beginsels en omgewingsvernietiging — wat die toekoms van die menslike samelewing bedreig. In die lig van hierdie globale uitdagings, probeer die godsdiensteleiers van hierdie wêreld 'n gemeenskaplike terrein vind. Hul *onmiddellike* doelwit is om saam te werk om te stry teen die duiwels van geweld, oorlog, armoede, honger, maatskaplike ongelikheid, ongeregtheid, materialisme en ekologiese vernietiging. Die *uiteindelike* doelwit van hierdie kerklike onderneming is om een wêreldgemeenskap te skep wat alle kerke — en uiteindelik alle godsdienste — tesame sal bring in 'n “samelewing van liefde” wat al God se kinders insluit. Dit is 'n edel doelwit, maar sal dit slaag, of sal hierdie goedbedoelde poging tot 'n vinnige en onverwagte einde kom? Verbasend genoeg is hierdie hedendaagse ekumeniese beweging — en die uiteinde daarvan — lank gelede in die bladsye van u Bybel *voorspel*. Daardie profesieë *word vandag vervull*!

Die laaste dekade van die 20ste eeu het getuig van verskeie merkwaardige ontwikkelings op die godsdiensteleiers 'n deurbraak-

dokument onderteken getiteld *Evangelicals and Catholics Together*, wat 'n beroep gedoen het vir nouer samewerking in maatskaplike- en kultuur-aangeleenthede van gemeenskaplike belang. 'n Jaar later reik pous Johannes Paulus II 'n belangrike omsendbrief uit, *That They May Be One*, om die beweging van “Christeneenheid” te bevorder. In 1997 kom vier hoof Amerikaanse kerklike organisasies — die Verenigde Kerk van Christus, die Hervormde Kerk van Amerika, die Presbiteriaanse Kerk (VSA) en die Lutherse Kerk — ooreen oor volle gemeenskap en beëindig sodoende eeue se verdeeldheid.

Moontlik het die mees betekenisvolle ontwikkeling, wat deur sommige die “ekumeniese gebeurtenis van die eeu” genoem is, in 1999 plaasgevind toe Lutherane en Rooms-Katolieke 'n geskiedkundige ooreenkoms oor die leerstelling van regverdiging onderteken het, juis die kwessie wat aanleiding tot die Protestantse Hervorming gegee het asook die “eenheid” van die westerse “Christendom” vernietig het. Hierdie mylpaal-ooreenkoms is op 31 Augustus 1999 in Augsburg, Duitsland, onderteken — Hervormingsdag in die Lutherse kerke — presies 482 jaar nadat Martin Luther sy 95 Leerstellings teen die deur van 'n

kerk in Wittenberg, Duitsland, vasgespyker het. *Christian Century*-tydskrif maak die stelling dat hierdie ooreenkoms “'n dramatiese stap [is] na die oplossing van 'n 16de eeuse dispuut wat sentraal gestaan het tot die Protestantse wegbreek van die Rooms-Katolieke Kerk” (27 Oktober 1999, bl. 1,019). Vyftien maande later, in Januarie 2001, beëindig die Lutherse en Anglikaanse kerke eeue van verdeeldheid deur 'n ooreenkoms te onderteken om hul predikante, kerke en sendingwerk te deel. Hierdie geskiedkundige ooreenkomste is deel van 'n breë gebaseerde kerklike beweging wat “buitengewone gesprekvoering geïnspireer en brûe oor antieke kerklike en teologiese diepklowe gebou het” (*Denver Post*, 1 November 1999). Daardie beweging blyk in krag toe te geneem het namate belydende Christene dit wat hulle as die 2000-jarige viering van die geboorte van Jesus Christus afgewag het.

Pous Johannes Paulus II was 'n hoofdryfkrag in die poging om die “Christenwêreld” te verenig. Onder sy beskerming, is die Rooms-Katolieke Kerk betrokke in gesprekvoering met Jode en verskeie Protestantse groepe. 'n Ooreenkoms met die Oos-Ortodokse Kerk wat invloed uitoefen oor die meeste van Oos-Europa — wat eens 'n groot deel van Westerse “Christen-

dom” gevorm het, is hoog op die Rooms-Katolieke belangelys. In 1982 was Johannes Paulus II die eerste pous wat sedert die Hervorming Brittanje besoek het. In Oktober 2000 ontvang hy Koningin Elizabeth II in 'n private oudiënsie in Rome. In haar opmerkings sê die Koningin: “Ek vertrou dat ons sal voortgaan langs die weg wat sal lei tot Christen-teenheid” (*San Bernardino Sun*, 18 Oktober 2000). Die Pous lewer kommentaar dat “daar nou geen omdraaikans is van die kerklike doelwit wat ons vir onself gestel het in gehoorsaamheid aan die Heer se gebod nie” (*BBC News*, 17 Oktober 2000).

In Januarie 2002 tree Johannes Paulus II in die Italiaanse dorpie Assisi, geboorteplek van die middeleeuse monnik bekend as Sint Francis, as gasheer op vir 'n geskiedkundige vergadering van leiers wat die hoof-godsdiensleiers van die wêreld verteenwoordig. Soos hulle saam gebid het, moedig die pous die godsdiensleiers aan om geweld en oorlog te veroordeel en saam te werk om vrede te bevorder. Dit is ironies dat aan die einde van 'n merkwaardige kerklike dekade, die Vatikaanse kantoor in beheer van leerstellings 'n amptelike dokument uitgereik het wat verklaar dat die Katolieke geloof die enigste weg na verlossing is, dat nie-Christene “grootliks kortkom” in hul oortuigings, dat Protestante kerke nie “susterkerke” is nie en dat die “een heilige katolieke en

apostoliese Kerk [Rome] nie suster nie, maar moeder is van al die onderskeie [Christen] kerke (*Los Angeles Times*, 6 September 2000).

Wat is aan die gang? Wat is die werklike betekenis van die dramatiese druk na soogenaamde “Christen-teenheid” en die harmonisering van die wêreld se godsdiensleiers? Waarom gebeur dit *nou* en waarheen lei dit?

In 'n merkwaardige profesie wat meer as 2,700 jaar gelede gegee is, beskryf die profeet Jesaja die oordeel van 'n geheimsinnige vrou genaamd 'n “dogter van die Chaldeërs ... gebiedster van die koninkryke” wat in haar hart sê “*Dit is ek en niemand anders nie!* Ek sal nie as weduwee sit *of kinderloosheid ken nie*” (Jesaja 47:1-11). In Bybelprofesie simboliseer 'n vrou dikwels 'n kerk. In hierdie geval is die geestelike wortels van die vrou gekoppel met die antieke praktyke van heidense Babilonië. Sy gee voor dat sy soos *niemand anders is nie* (met ander woorde, sy is die een ware kerk) omdat sy 'n poging sal aanwend om haar verlore en verwyderde kinders (dogters) terug te wen. Dit is geen toeval dat die onlangse dokument deur die Vatikaan daardie selfde sentimente weergee nie.

In die boek Openbaring verwys die apostel Johannes na hierdie selfde geheimsinnige vrou wat “haarself verheerlik het en weelderig geleef het” en sê “ek sit as *koningin* en is geen weduwee nie” (Openbaring

18:7). Johannes onthul egter dat hierdie vrou genoem word “die groot hoer ... die *moeder* van die hoere ... met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery” (Openbaring 17:1-6). Hierdie sterk taal beskryf 'n groot vals kerk wat dogterkerke voortbring het wat almal diep betrokke is in die politiek van hierdie wêreld en wat vals godsdiensleeringe oor die wêreld versprei het. Daar is net een kerk op Aarde, wat ook op sewe *heuwels* sit, wat aan die beskrywing van hierdie geheimsinnige vrou voldoen (sien Openbaring 17:9). Bybelprofesie dui aan dat hierdie “moederkerk” net voor die wederkoms van Jesus Christus aktief betrokke sal wees in 'n poging om haar “dogters” na haar familie terug te bring (sien Openbaring 17:5; 19:2).

Wat sal die skeptiese Protestante, die versigtige Oos-Ortodokse en lede van die wêreld se ander godsdiensleiers uiteindelik oortuig dat die leier in Rome die enigste ware dienskneg voor God is? Die apostel Johannes teken aan dat 'n individu wat “soos 'n lam voorkom” ('n leier wat valslik Christenskap bely) te voorskyn sal kom wat “... *groot tekens [doen]*, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde ... en hy *verlei* [mislei] die bewoners van die aarde *deur die tekens* wat hom gegee is” (Openbaring 13:13-14). Die

Vrae en Antwoorde

V: Die meeste belydende Christene glo dat diegene wat gered word, hemel toe sal gaan wanneer hulle sterf, maar hulle het min of geen idee van wat hulle in die hemel sal doen nie. Wat onderrig die Bybel as die beloning van dié wat gered is?

A: Die oortuiging dat 'n mens "hemel" toe gaan wanneer hy sterf, word nie net deur belydende Christene geglo nie. Regoor die wêreld klou mense van baie godsdienste vas aan die geloof van een of ander lewe hiernamaals, 'n soort "beloning" of vreugdevolle lewe na die dood.

Verbasend genoeg het nóg Jesus, nóg die Apostels onderrig dat die regverdige hemel toe gaan wanneer hulle sterf! Die "beloning" wat Jesus Sy getroue volgelinge beloof (Openbaring 22:12), is nie die "hemel" nie; dit behels onder andere heerskappy van die aarde saam met Christus. Let op die erkenning van die volgende wêreldlike ensiklopedie:

"Die oorheersende opinie van die vroeë kerk blyk dat tot en met die wederkoms van die Here, op die wolke van die hemel, om die dooies op te wek, diegene wat dood was, geslaap het en dat hulle skielik opgewek sal word om hul nuwe liggame te ontvang, waarna hulle saam met Hom op die aarde sal regeer vir 'n duisend jaar lank" ("Heaven", The New International

Encyclopedia, 1ste Uitgawe).

Die vroeë Kerk van God wat Jesus Christus gestig het, het nie die konsep van "hemel toe gaan", verkondig nie, 'n idee wat eers lank na die Apostels se dood aanvaar is. Jesus het Sy dissipels eerder eenvoudig vertel: "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedal het, naamlik die Seun van die mens" (Johannes 3:13). Die apostel Petrus sê dat die gehoorsame koning Dawid, 'n man so na God se hart (Handelinge 13:22) "gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe ... Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie" (Handelinge 2:29, 34).

Regverdige koning Dawid het nie hemel toe gegaan nie! Hy, soos alle regverdige manne en vroue van God wat gesterf het, is steeds dood. Hulle wag in hul grafte vir die opstanding, wanneer hulle geestesliggame sal ontvang wat nooit sal sterf nie (1 Korintiërs 15:50-53; 1 Thessalonicense 4:16-17).

Die ewige lewe is die gawe van God (Romeine 6:23), wat Geesverwekte Christene sal ontvang wanneer hulle opgewek of verander word, maar wat is die "beloning" wat Jesus met hom saam sal bring?

Christus sê dat Hy met Sy wederkoms alle oorwinnaars sal beloon, almal wat in die geestelike karakter van God toegeneem het. Sommige sal

meer as ander oorwin en groei en Jesus sê dat Hy "elkeen vergeld volgens sy daad" (Mattheus 16:27; vergelyk Openbaring 22:12).

God se heiliges sal nie vir ewig in die hemel op harpe speel nie. Hul lotsbestemming is veel heerliker en opwindend! Die Bybel openbaar dat die "beloning van die wat gered word" heerskappy van die aarde saam met Jesus Christus, na Sy wederkoms is (Openbaring 2:26; 3:21; 5:10). Jesus Christus en die herrese Christene sal vir 1,000 jaar regeer (Openbaring 20:4-6). Hulle sal die nasies God se lewenswyse leer, wat blywende vrede, voorspoed en vreugde vir die ganse mensdom sal bring.

Die Bybel vertel ons dat die oppervlak van die aarde met vuur gesuiwer sal word, nadat God se groot Meestersplan vir verlossing van die mensdom voltooi is (2 Petrus 3:10-12). 'n Nuwe aarde en nuwe hemel sal na vore kom (2 Petrus 3:13; Openbaring 21:1) en die glorieryke nuwe hoofstad van die aarde, die Nuwe Jerusalem, sprankelend met kosbare gesteentes en met strate van suiwer goud (Openbaring 21:18-21) sal uit die hemel neerdaal (Openbaring 21:2, 10; 3:12). God die Vader sal dan kom en persoonlik **op die aarde** woon en sal die Nuwe Jerusalem, die plek van Sy glorieryke troon maak (Openbaring 21:3, 22-23; 22:3-5), van waar Hy en Sy

onsterflike heiliges verder die ganse heelal sal regeer!

Om meer te leer van hierdie wonderlike plan wat God vir Sy getroue heiliges in gedagte het, skryf asseblief aan ons vir u gratis eksemplaar van ons boekie getiteld: *U uiteindelige lotsbestemming*. Die verbasende en asemrowende waarheid is dat die “hemel” na die aarde sal kom, die einste hoofkwartier waarvan die God Familie die heelal vir ewig sal regeer!

V: Baie mense is verward oor hoe Jesus Christus se wederkoms gaan plaasvind. Hoe sal ons weet wanneer Hy na die Aarde terugkeer?

A: Voor Sy dood, opstanding en hemelvaart, belowe Jesus Christus: “kom Ek weer” (Johannes 14:3). Baie van diegene wat hulself “Christene” noem, verskil hemelsbreed in hul oortuigings van hoe Christus se wederkoms gaan plaasvind. Sommige dink dat Hy in die geheim gaan terugkeer; ander glo dat Hy twee keer sal terugkeer — eers in die geheim en later openlik. 'n Paar ander glo dat Hy alreeds na die Aarde teruggekeer het. Wat is die waarheid?

Oomblikke nadat Christus in die wolke opgevaar het (Handelinge 1:9), was die Apostels verduas deur die verskyning van twee goddelike boodskappers wat hulle die versekering gee: “Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle

Hom na die hemel sien wegvaar het” (vers 10-11). Hierdie engele bevestig Jesus se belofte dat Hy weer sal kom en verduidelik hoe Hy sal terugkeer. Neem kennis wat anders die Bybel oor Jesus se *manier* van terugkeer openbaar.

Hoewel die Bybel ons nie vertel presies wanneer Christus sal terugkeer nie (Mattheus 25:13; 24:36), word ons vertel dat Hy *onverwags* — soos 'n “dief in die nag” sal kom, sonder vooraf kennisgewing (Openbaring 16:15; Mattheus 24:42-44). Jesus vergelyk sy wederkoms met die koms van 'n dief, oor die verrassingsfaktor.

Christus se terugkeer Aarde toe sal nie in die geheim of skelmpies plaasvind nie. Die Bybel beskryf Sy wederkoms as 'n *baie dramatiese gebeurtenis* (Mattheus 24:29-30). Daar sal 'n geweldige *trompetgeskal wees wat wêreldwyd gehoor sal word* (vers 31), sowel as 'n *harde geroep*, wat Jesus se naderende wederkoms en die opwekking van die dooies in Christus, aandui (1 Tessalonisense 4:16).

Ons word ook vertel dat wanneer Jesus Christus terugkeer, hy vir almal duidelik sigbaar sal wees: “Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees” (Mattheus 24:27). Die Griekse woord *astrape* wat in vers 27 gebruik word, kan “weerlig” of enige helder verligting beteken. Vers 30 beskryf Jesus se dramatiese wederkoms verder: “En dan sal die teken van die Seun van die

mens in die hemel verskyn ... en [sal hulle] die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid”. Die verheerlikte en herrese Christus is nie soos enige sterflike mens in voorkoms nie, maar is “soos die son wat skyn in sy krag” (Openbaring 1:16). Die Bybel beskryf dus in eenvoudige terme die sigbare, luide, onmiskenbare wederkoms van ons Verlosser!

Daar is voorspel dat Jesus Christus na dieselfde Olyfberg naby Jerusalem sal terugkeer waarvandaan hy meer as 1900 jaar gelede opgevaar het (Sagaria 14:3-4), maar Christus sal nie alleen terugkeer nie. Hy bring al die herrese “heiliges” met Hom saam.

Die Bybel stel dit duidelik dat die *herrese heiliges* “weggevoer” sal word om Christus te ontmoet soos Hy, van die wolke na die Aarde, neerkom. Die herrese dooies in Christus, tesame met lewende Christene wat dan onsterflik gemaak word, sal opstyg om die terugkerende Christus in die lug te ontmoet (1 Tessalonisense 4:15-17), voordat hulle kort daarna saam met hom na die Olyfberg neerdaal.

Sal *enigiemand anders* saam met Christus kom met Sy dramatiese wederkoms? Die Bybel dui aan dat 'n leërskaer van engele Hom van die hemel sal vergesel, in die heerlijkheid van Sy Vader (Markus 8:38; Openbaring 19:14)!

Wanneer Jesus Christus weer kom, is dit as “Koning van konings en Heer van here” om

die regerende Koninkryk van God op Aarde te vestig (Openbaring 19:16). Hy en die herrese heiliges sal dan begin om te regeer en nasies die weg na ware geluk, vreugde en vrede

te leer (Openbaring 20:6; 5:10).

Jesus Christus sal inderdaad weer kom — hierdie keer met groot mag en heerlijkheid — en die hele mensdom sal getuies wees van Sy terugkeer! Dit sal

waarlik die grootste, mees *dramatiese en omvangrykste* gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld wees!

Is daar 'n ware plek van veiligheid? (Vervolg vanaf bladsy 21)

hoe en waar God Sy mense sal beskerm fassinerend is, moet ons in gedagte hou dat in die uiteindelijke sin, ons beskerming nie afkomstig is van enige *plek* nie — maar van *God* af. Indien ons waaksaam en op die uitkyk bly, voortdurend tot God bid en met Hom wandel, kan ons

waardig geag word om hierdie dinge wat gaan gebeur, vry te spring. Diegene wat deur die Verdrukking gaan, is hulle wie God nie op 'n makliker wyse genoegsaam kon aanwakker en tot bekering bring nie.

Ons hoef nie bang te wees vir die tyd wat kom nie. Pleks

daarvan kan ons eerder ons vertrouwe in God plaas, leer om op Hom te vertrou en Hom met ons hele hart te dien. Dan kan ons werklik sê dat God ons toevlug en rotsvesting is — Hy is ons Rots!

Die lokval van Elumenisme (Vervolg vanaf bladsy 23)

apostel Paulus noem hierdie persoon die “mens van sonde” wat krag van Satan ontvang om wonderwerke te doen, wat niksvermoedende mense oortuig om leuens te glo wat tot 'n wegval van Bybelse waarheid sal lei (2 Thessalonicense 2:1-2). Paulus gee die tydsbestek van hierdie gebeure as net voor

die Tweede Koms van Jesus Christus aan.

Baie profesieë onthul dat hierdie groot godsdiensteier en die stelsel waarvan hy hoof is, *skielik sal verbrokkel* en vernietig word wanneer Christus terugkeer (Openbaring 17:16; 18:8, 16-17; 19:20). Die Bybel onthul dat menslike pogings om

belydende Christene te verenig en die godsdienste van die wêreld te harmoniseer, die mensdom in 'n lokval lei wat uiteindelik sal misluk. Ons moet wêreldgebeure dophou en die *waarheid in God se woord soek* (2 Thessalonicense 2:13-15), want antieke profesieë word vandag bewaarheid!

U uiteindelijke Lotsbestemming

Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Wat is die sending van God se Kerk? (Vervolg vanaf bladsy 12)

God se lewenswyse te onderrig en siekes gesond te maak [soos God dit moontlik maak]. Hierdie kerk moet ook wêreldgebeure *dophou* ten einde in staat te wees om die mensdom te *waarsku* soos die einde van die tyd en Christus se wederkoms nader kom. Om die mense voor te berei om daardie werk te doen is deel van ons sending. Indien ons bloot op onself konsentreer deur te bid, te vas en Bybelstudie slegs vir eie gewin te doen, sal ons nie die Groot

Opdrag wat Jesus vir Sy kerk geskets het, volbring nie.

Die Skrif skets *duidelik* die ware sending van die kerk. Al die hedendaagse verwarring is ongelukkig en jammerlik van koers af. Ons kan nie bekostig om deur verskeie en teenstrydige idees oor wat die kerk moet doen, mislei te word nie. Om die kerk se sending te erken en dit te doen is *belangrik*, aangesien dit aandui of ons gewillig is om Christus se opdragte te “volg” aldan nie.

Begrip en 'n diepgaande toegewydeheid om daardie sending te volbring, is 'n basiese vereiste om in God se koninkryk te wees. Dit is waaroor die Christenskap van die apostels gaan; om die opdragte van Jesus Christus voort te dra. Ons moet saamwerk om daardie sending te voltooi, aangesien ons aanspreeklik gehou sal word!

Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

gebring het.

Daar is vandag 'n Kerk wat wél *verstaan* en u kan help met die “stryd” wat u in die gesig sal staar! Dit is die “klein kuddetjie” waarna Jesus in Lukas 12:32 verwys het. Dit is die Kerk wat gedurende die Middeleeue na die woestyn moes “vlug” (Openbaring 12:6). Dit is die Kerk wat nou die “Evangelie van die Koninkryk van God” verkondig — die kragtige boodskap van Christus se wederkoms as Koning van konings wat ophande is (Openbaring 11:15).

Indien u in staat wil wees om die verskriklike Groot Verdrukking te ontvlug en indien u die **krag** van die Heilige Gees en ware begrip, geloof en moed gegee wil word om u deur die jare wat voorlê te help, dan beter die “kerk van u keuse” die *kerk van God se keuse* wees! In u Bybel sal u vind dat God *mense*

of dinge by die naam noem! Op 12 verskillende plekke in die Nuwe Testament sal u vind dat God Sy Kerk presies noem wat dit is: “die Gemeente van God”.

In die inleiding tot 1 Korintiërs rig die apostel Paulus daardie sendbrief aan “die **gemeente van God** wat in Korinthe is” (1 Korintiërs 1:2). Later vertel hy die lidmate: “Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die **gemeente van God** nie” (1 Korintiërs 10:32). In 1 Korintiërs 11:16 maak Paulus die stelling: “Maar as iemand meen om twisgierig te wees, ons het nie so 'n gewoonte nie, en ook die **gemeentes van God** nie”.

In 1 Korintiërs 15:9 skryf Paulus: “Want ek is die geringste van die apostels, wat nie werd is om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die **gemeente van God** vervolg het”. In die formele inleiding tot 2 Korintiërs skryf hy:

“Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, en Timotheüs, die broeder, aan die **gemeente van God** wat in Korinthe is, saam met al die heiliges wat in die hele Acháje is” (2 Korintiërs 1:1). Toe Timotheus in Efese — 'n plek waar die aanbidding van “dooie” afgode plaasgevind het — gestasioneer was, skryf Paulus aan hom: “Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die **gemeente is van die lewende God**, 'n pilaar en grondslag van die waarheid” (1 Timotheus 3:15).

Twaalf is 'n baie belangrike getal in die Bybel. Dit staan vir grondlegging, stabiliteit en organisatoriese beginpunte. Soos die meeste van ons lesers weet was daar 12 stamvaders in die Ou Testament, 12 stamme van Israel, 12 poorte na die Heilige Stad en 12 fundamente

van die muur om die Heilige Stad. Daarom is dit baie belangrik dat God — *in Sy geïnspireerde Woord* — die naam “Gemeente van God” twaalf keer in die Nuwe Testament aan Sy ware Kerk toegeken het.

Daar is natuurlik heelparty kerke wat die naam “kerk van God” gebruik. Daarom is dit noodsaaklik dat ons 'n ander basiese kenmerk van die *ware Kerk* verstaan: dit is 'n *gehoorsame Kerk*! Ter beskrywing van die oorblyfsel van die Kerk in die eindtyd, vertel God se Woord ons: “En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat **die gebooie van God bewaar** en die getuienis van Jesus Christus hou” (Openbaring 12:17). *Baie kerke* maak daarop aanspraak dat hulle die “getuienis” van Jesus Christus het, maar min

maak aanspraak daarop dat hulle die Tien Gebooie gehoorsaam, omdat hulle geleer is dat hul “onder genade” is en daarom nie die Gebooie van God as lewenswyse hoef na te volg nie, maar soos die apostel Johannes geïnspireer was om ons te vertel: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die **gebooie van God** en die geloof in Jesus bewaar” (Openbaring 14:12).

Kan enigiets meer duidelik wees?

Êrens op hierdie aarde is die *ware Kerk van God* — vernoem na God, wat die gebooie van God onderhou en werklik dieselfde evangelie verkondig wat Jesus verkondig — die dinamiese boodskap van Christus se heerskappy oor hierdie aarde as Koning van konings. Dit is **nie** 'n kerk van *mense* nie, vernoem na iemand of 'n vorm van kerkregering of

een of twee hoofleerstellings nie. Dit is eerder na **God** vernoem — want dit is waarlik Sy Kerk en die Kerk waarvan Jesus Christus die lewende Hoof is (Efesiërs 1:22).

Moet u werklik na die kerk van *u* persoonlike keuse gaan of na die kerk waarin u grootgeword het? Of moet u met ywer na die *ware Kerk van God* — wat Jesus Self gestig het, soek, dit vind en 'n aktiewe lidmaat daarvan word? Indien u meer indiepte inligting oor hierdie noodsaaklike onderwerp wil bekom, kontak ons asseblief by een van die adresse wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys is en versoek 'n gratis eksemplaar van ons insiggewende boekie, *Hervestig die Christenskap van die Apostels*.

Roderick C. Meredith

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie gratis insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

of skakel: 058 622 1424